# *Toon Ons Die Vader*

Dankie, Broer Rich, broers, Here Seën julle.

2 Goeienaand, vriende. Ek ag dit 'n groot voorreg om vanmiddag hier te wees in die diens van die Here God. En hierdie drie dae het baie vir my beteken om ou vriende te ontmoet en nuwes te vind. Dis hoe die lewe vir ons aanbeweeg, is net om nuwes te ontmoet en—en die vriendskap van ou vriende te geniet.

3 En dan, onder deur Grande Prairie en ook hierbo, het ek 'n ware eerbied onder die mense gevind en 'n verwagting vir 'n herlewing. Dis wat jy nodig het, is 'n ware geestelike herlewing, uitstorting van die Heilige Gees op die mense.

4 En dan het ek 'n paar van my ou vriende ontmoet, Chris Berg, hy's hier iewers, en, of is gewoonlik, en ek het verwag om Milo te ontmoet, ja, Broer Durney, bly om jou hierbinne te sien sit, baie goed.

Mnr. Durney was my gids die laaste keer, toe ons gaan jag het. My vriende hier onthou dat ons baiekeer daarvan gepraat het.

5 Ek hoor jy het 'n klein siekte-aanvalletjie gehad intussen. Wel, die Here waarvan ek daar gepraat het, is steeds dieselfde God, die groot Geneser. Hoe gaan dit met Della? Gaan goed? Dis goed.

6 Mnr. Durney was regtig 'n klein stukkie yster, ek sê julle. Toe hy omtrent sewentig jaar oud was, veronderstel ek, toe ek hierbo was, en hy was regtig. . .Ek was verbaas om die ware krag te sien in—in daardie man op daardie ouderdom, hy, oral waar ek en Chris kon gaan, was hy net daar voor ons. En ek het. . .

7 'n Man kan nie buite op 'n plek soos daardie woon sonder om God te ken nie. So ek kan nie staan, opkyk in die berge, sonder om die gesig van God iewers te sien nie. En ek het dikwels vir my vriend, Chris, Mnr. Durney, en hulle gebid.

8 Eendag, wanneer die lewe verby is, langs die wildpaadjies Daarbo in die nimmereindigende woud, hoop ek om julle broers Daarbo te ontmoet, ons vriendskap te hernu. Julle sal my vind langs party van die wildpaadjies daarbo, ek sal rondkyk, ek sal julle almal ontmoet, my jagtersvriende en vangstrikvriende, eendag Daarbo, tot dan, wil ons ingespan bly vir ons Here.

9 Ek was op my pad, ek het 'n vakansietjie gehad wat opkom, wat dit ses maande in die veld was, en dis, het my beslis uitgeput, en ek het gedink ek sal 'n vakansietjie neem en hier na die noorde toe kom, en kyk of ek een van daardie forelle kan vang waarvan julle broers gepraat het, en miskien 'n beer langs die pad sien.

10 So ek het opgery, en hulle het die reëlings getref met julle pastoor. En as die Here wil, vanmiddag of vroeg in die oggend, een, gaan ons weg vir 'n paar dae se rus buite in die wildernis, weer probeer terugkeer na die veld van die Here.

11 Ek het gedink dit sou nie mooi wees nie, al was ek moeg en uitgeput van ses maande aaneen op die velde, en my werk is internasionaal, soos julle weet, wêreldwyd, en ek het gedink dit sou goed wees as ek verbykom en my vriende hier in Dawson Creek en Grande Prairie besoek. En ek wil die Here dank vir die lekker gemeenskap ons saam gehad het saam met die pastore en die manne met dieselfde kosbare geloof, eendragtig, en almal lief vir die Here, en baie van julle mense.

12 Billy het my vertel toe ek ingekom het, dat hulle vir hom 'n liefdesoffer gegee het vanmiddag. Ek glo dit was reg. Ek wou beslis nie hê julle moet dit doen nie, my broer, suster, ek het nog nooit . . . Ek kom net om saam met julle te kuier, en ek waardeer dit egter.

13 En eenkeer, ek het nou die dag gedink, het hulle vir my een gegee, as party van julle Grande Prairie mense hier is, ek het nie eens geweet dit was gedoen totdat Mnr. Sothmann vir my op pad huis toe gesê het nie, en ek het nie eens 'n kans gehad om—om die kosbare mense te bedank nie.

14 Wel, sover ek weet, sal dit na die Koninkryk van God toe gaan, sover ek weet. Baie, baie dankie. En ek glo dit staan geskryf in die Bybel, Jesus het gesê: "Vir sover julle gedoen het aan die geringstes van hierdie, My kleintjies, het julle dit aan My gedoen." Ek is daardie een, die geringste.

15 Ek's twee-en-vyftig jaar oud, het al dertig jaar gepreek, het nog nooit 'n offerhande opgeneem in my lewe nie, het nog nooit 'n pennie opgeneem in my lewe nie, 'n offerhande opgeneem nie. Ek het altyd gewerk, my lewe gemaak, en van waar ek hierdie kant toe gekom het, wel, ek het nooit . . . gaan net in die stede in, en hulle betaal die uitgawes van die diens, ek bedoel die groot ouditoriums, waar jy 'n duisend, twee, dollar per aand moet kry, wel, hulle sorg net daarvoor, en ek hoef dit nie te hê nie.

16 En altyd wanneer Hy my enigiets gee, wel, is daar altyd 'n plek om dit te sit, so julle weet wat ek daarmee bedoel. Dis 'n . . . Ek hou daarvan om deur geloof te lewe. Dis wat ons veronderstel is om te doen, deur geloof te lewe.

17 Ek sien twee sakdoeke hier op die platvorm lê, of, die preekstoel, om oor gebid te word. Nou, dit is nie 'n bygeloof nie, dis 'n Skrif, dis die Bybel. Baie van julle, sou miskien, 'n gebedsdoekie wou hê; dis een van die grootste bedienings wat ek nou het.

18 Hier 'n tyd gelede, sou ek . . . was verbaas, ek sou . . . 'n Dame in Duitsland . . . Ek stuur duisende van hulle om die wêreld. En 'n dame in Duitsland het artritis gehad vir omtrent twintig of vyf-

en-twintig jaar, en—en ek het haar gemis in Duitsland, ons het soveel gehad, net duisende der duisende het van oral af ingekom, bo in Tsjeggo-Slowakye en oral. So hulle . . . Oorsee is dit nie soos dit hier is nie, daar is die—die stede . . . die land is klein en baie mense, en 'n byeenkoms soos daardie trek hulle net van oral af.

19 En so was daar 'n Duitse vroutjie, sy het die instruksies op die gebedsdoekie gekry, en sy . . . Daar staan daarop om jou vriende of jou pastoor in te roep, as jy kan, indien nie, een van die bure, al jou verkeerde dinge te bely en God te vra om jou te genees, en dit op jou te sit en dan te glo.

20 En die Duitse vroutjie, dit was verstommend, sy het die—die . . . dit op haar onderklere gesit, soos dit aanbeveel was, sy die bure laat inkom en bid. Sy het al haar verkeerde dinge bely, en toe sy dit daar gekry het, het sy haar hand oor haar hart gesit, het sy gesê: "Nou, ou man duiwel, gaan jy uit my uit." En sy het net daar opgestaan, oor die vloer begin loop, nadat sy in daardie rolstoel was vir *oor-die-twintig* jaar. Dis net so eenvoudig.

21 Julle weet, daar's baiekeer wat ons probeer uitreik na iets, na 'n sekere soort geloof. En jy hoef nie een of ander soort supergeloof te hê om—om genees te word nie, die enigste ding wat jy moet hê, is om net die geloof te neem wat jy het.

22 Julle weet, in die Bybel is die bloed aan die deure gesmeer met hisop; ons geestelike broers weet dit. Hisop is net gewone onkruid, en wat dit is, die mense vandag probeer uitreik om 'n orgidee te vind om die Bloed mee aan te wend, en Dit word nie eers aangewend met 'n orgidee nie, Dit word aangewend met hisop, gewone, net alledaagse geloof.

23 Net soos: jy hoef nie enige supergeloof te hê nie, hoe het jy hiernatoe gekom? Hoe weet jy jy gaan vertrek? Hoe kan jy jou kar bestuur? Hoe weet jy jy kan jou hand beweeg? Wel, jy doen dit net onbewustelik, omdat jy glo jy kan dit doen.

24 Nou, dis hoe jy glo vir jou genesing, dis net afgehandel en dis net al. Dit verg nie een of ander hoë geleerdheid, een of ander super-duper *ding* nie, dit verg net gewone geloof in God. Glo dit net soos jy sou as jou ma sou sê sy sou iets vir jou kry, glo dit net so.

25 Hulle het die bloed geneem . . . Hisop, gewoonlik kry hulle dit waar dit groei in die krake van die mure in Egipte en Palestina, hulle het kleisteenmure gehad, en—en die hisop sou daarbo groei, dis 'n klein, driehoekige blaartjie, en hulle trek dit net af soos *daardie*, doop dit in die bloed, en smeer dit aan die deur.

26 Wel, die Bloed, natuurlik, wat aangewend word, ons wend Dit aan met geloof. En geloof is algemeen, net soos hisop, net gewone onkruid, glo dit net en dis alles verby.

27 Nou, as enige van julle graag 'n klein gebedsdoekie sou wou hê en julle het dit nie hierbo nie, as julle net enige tyd vir my

sal skryf, sal ek dit graag vir julle stuur. Net: William Branham, Jeffersonville, Indiana, en dit sal na my toe kom.

28 En as jy een wil hê om net in jou Bybel te hou in Handelinge 19, indien iets gebeur, wel, vra net. Daar's geen kostes aan niks nie, net, ons vra nie vir enigiets nie, alles is gratis. So vra net en kry dit, ons sal dit graag vir julle stuur, baie graag. En dis 'n doekie waaroor ek gebid en God gevra het om jou te genees en jou te help.

29 O, ek kan die middag spandeer om net besondere dinge te vertel wat Hy daardeur gedoen het, magtige dinge, maar ons weet die mense moet hulle gebou hier hê vanaand. En ons wil julle nie te lank hou nie, en dis soort van 'n bietjie vol in die gebou, en julle is nogal ingeprop.

30 En so nou, wil ons ook ons predikerbroers bedank, met ons hele hart, aan al julle lekedom, en vir julle goeie samewerking. En ek wil die—die stad bedank, die polisieman ensovoorts.

31 Ek sal dit moet sê oor my suidelike vriend, Mnr. Evans hier, ek behoort hom te laat opkom en 'n bietjie te laat praat, sodat julle kan hoor waar. . .hoe suiderlinge regtig praat. Julle dink dat ek dit sleg sê! Jy. . .

By 'n vulstasie gekom, hy gesê: "Kan jy vir my sê waar daar 'n *motel* is?"

Daardie Engelsman het hom baie snaaks aangekyk, hy het gesê: "Ja, ek het 'n paar *ou bande* [Eng. "*old tires*."—Vert.] hier oorkant." Ou bande.

Hy het afgegaan en gesê: "Ek wil bietjie *roomys* [Eng. "*ice cream*."—Vert.] hê."

Die man het gesê: "Sekerlik." Het vir vir hom 'n boksie *aspirien* [Eng. "*aspirin*."—Vert.] gekry en vir hom gegee. So ons is baie dankbaar.

32 Hy het nou die dag gesê. . .Ek het in die sportwinkel hier oorkant gestaan, 'n baie gawe man wat met hom gepraat het, en ons het na hulle trofeë gekyk. Ek het vir Broer Evans probeer vertel van hoeveel groter daardie eland was as sy konyne onderin Georgia.

So ons het gekyk na die groot trofeë wat daar gehang het, en toe het hy gesê: "Iemand kry 'n kaartjie."

So dit was Mnr. Evans, so hy het uitgehardloop en gesê: "Wag net 'n oomblik, Broer, ek. . . "

Hy het gesê: "Maak nie saak nie, maak nie saak nie." Gesê: "Ek gee jou net 'n kaartjie: 'Welkom terug in Dawson,'" 'n hoflikheidskaartjie.

33 En hy het ingekom met sy suidelike praatjies, en hy het gesê: "Broer Branham," hy het gesê: "Ek het gewens ek kon een van

daardie afvat Georgia toe vir saad." Hulle is nie heeltemal so vriendelik wanneer jy die grens hieronder oorsteek nie.

34 So julle het 'n wonderlike land hier, wonderlike mense. Julle het een van die beste lande, en as die Here Jesus vertoef, binne vyftig jaar van nou af sal hierdie volk die wêreld lei. Julle het natuurlike hulpbronne, julle—julle heuwels is vol goud en silwer, julle het yster, minerale, kalium, kalsium, allerhande natuurlike hulpbronne, hout, maar julle het nie baie mense nie.

35 New York Stad het tweehonderd ses-en-negentigduisend meer mense, in die staat New York, as wat daar in die hele Ryk van Kanada is, sien, die hele Ryk van Kanada, tweehonderd ses-en-negentigduisend meer mense. Sien, julle het baie plek.

36 En Kanada is een en 'n derde gro-. . . , of, twee derdes groter as—as die Verenigde State. Julle het die natuurlike hulpbronne, maar julle het net nie die mense nie, so dank die Here daarvoor.

37 Sien, julle het steeds . . . As ek koring verkoop en dit vir julle ruil vir rys, maar wanneer my koring opraak, wat gaan ons doen? Die na-. . . ons State se natuurlike hulpbronne het opgeraak; julle het dit, so God seën julle daarmee.

38 Het 'n goeie, gesonde, regering, en—en ons is . . . julle banke word almal deur die regering besit, en so is daar geen Wall Straat botsing hier nie. En julle kindertjies het 'n groot geleentheid, julle het baie om vir hulle te bied, meer as wat ons kon in enige ander plek in die wêreld waarvan ek weet.

39 My vriende, ek's nie hier om julle dit te vertel nie, julle weet dit, maar ek is hier om vir julle iets te vertel wat julle julle kinders enige plek kan aanbied, dis die Here Jesus Christus, Hy is die Hoofsaak, want een van hierdie dae, so wonderlik soos hierdie volkie is, sal sy net so seker val soos enigiets, sy moet, om plek te maak vir die Ewigheid. Maar gee vir julle kinders Christus, Hy is die Hoop, die enigste vaste Hoop wat ons het. God wees nou altyd met julle.

40 Soos ons ons hoofde buig net 'n oomblik, voor ons die Woord nader, ek glo die Woord met my hele hart, ek glo Dis God se Woord, so laat ons die Outeur nader voor ons Sy seëninge oor ons vra.

41 Almagtige en Genadige God, Wat op die derde dag die Here Jesus, U Seun, uit die dood gebring het, wat vrylik, deur Sy genade, ons sondes vergewe en ons siekte genees het, aan Hom gee ons die heerlikheid tot in alle ewigheid.

42 Ons is bly om vandag 'n besoeker te wees by hierdie kosbare Kanadese mense. Ons voel nie dat ons vreemdelinge is nie, maar ons is medeburgers saam met hulle in die groot ekonomie van God. Ons dank U hiervoor, dat ons saam sal staan as 'n verenigde front vir die Koninkryk van God, alle mense en alle nasies leer om te glo in die Here Jesus Christus, soos U ons opdrag gegee

het om in die hele wêreld in te gaan en dissipels te maak van alle nasies.

43 En as burgers saam vandag, verenig ons ons geloof, en ons hoop, en ons gebede vir die mense wat hier is. Met die byeenkoms vandag, as daar sommige hier is, Here, wat U nie ken as hulle Verlosser nie, mag hierdie die dag wees dat hulle daardie algenoegsame besluit sal neem dat "Jesus my Verlosser is van vandag af."

44 As daar diegene hier is, Here, wat siek en beproef is, mag U Teenwoordigheid so sterk wees en ongeloof so oorheers, dat elke persoon hierbinne genees sal word. Skenk dit, Here. Mag daar nie een swak persoon in ons midde wees aan die einde van hierdie diens nie.

45 Hemelse Vader, soos ons vanmiddag weggaan van die diens, om na ons verskillende huise toe te gaan, ek weet nie, hierdie mag ons laaste vergadertyd wees aan hierdie kant van die Ewigheid, en as dit so is, Here, as dit blyk om so te wees, dat ons nie weer sal vergader . . .

46 Sonder twyfel, as ek sou terugkeer, as ek sou lewe en 'n jaar van vandag af sou terugkeer, sal baie weg wees, dan Vader, watter soort persoon moet ons wees? Hoe moet ons die mense benader, in die wete dat dit miskien ons laaste ontmoeting is? In die diepste opregtheid, met ons hele hart, en ons gewete besprinkel met die Bloed van die Here Jesus, mag ons Sy Woord benader in geloof en eerbied.

Mag iets dan gedoen word vanmiddag wat hierdie kinders van God nader aan U sal laat beweeg.

47 En ek weet vandag sit hier, Vader, in hierdie gebou, baie van hierdie, ons, wat ons sou noem, grensboere, hulle is setlaars, of kinders van die setlaars, hulle het die grond bewerk. En toe ek opgekom het met die paadjie nou die dag, daar uitgekyk en pappa, en mamma gesien het, klein kaal-voet kindertjies, wat die ou boompies uit die moerasse trek, hulle opmekaar stapel, probeer om 'n bietjie saad in die grond te kry sodat hulle kos kan hê om te eet, die volgende jaar, het my hart gebrand.

48 Ek het gedink: "O God, gee vir hulle 'n Ewige Tuiste, waar daar nie enige boompies sal wees om uit te haal nie, waar hulle nie sal plant en 'n ander daarvan eet nie, maar hulle vir ewig sal lewe in hulle Ewige Tuiste, hulle kindertjies by hulle sal wees." Skenk dit, Here.

49 Baie sit hier, wat weet wat dit beteken om in 'n wildspaadjie af te gaan, op deur die woude, die sonsopkoms en die sonsondergang te aanskou, weet dat, in die moeilike tye, van daardie een geheimsinnige vangs, wat God hulle gehelp het, en in die knyp; ek het hulle lief, Vader, hulle is my broers.

50 En soos ek vir my goeie vriende gesê het wat vandag hier sit, ek hoop ek ontmoet hulle almal langs een of ander groot wildspaadjie in die Hiernamaals. Mag ons almal ontmoet wat ons liefgehad en mee gemeenskap gehou het hier op aarde. En as enige nie gereed is daarvoor nie, mag hulle gereed gemaak word vandag.

51 Kom in die Woord in, Vader, en plant die Saad in ons harte dat ons Ewige Lewe mag hê, want ons vra dit, in die Naam van U geliefde Seun, ons Verlosser, Jesus Christus. Amen.

52 Ek moet amper net begin by die Skrifte, want julle is sulke gawe mense. En ek sê dit nie net om gaaf te wees nie, ek sê dit uit my hart uit. As ek dit op enige ander manier gesê het, sou ek 'n huigelaar wees, en ek sou God liewer as 'n ongelowige ontmoet as 'n huigelaar.

53 Nou, ek wil 'n Skrif vir julle lees, omdat ek glo dat wat ek sou sê, kan faal, omdat ek 'n man is, maar Wat Hy sê, nooit sal faal nie: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie faal nie." En die enigste manier wat ons God met sekerheid kan nader, is om deur Sy Woord te kom, want Hy het belowe om Dit te eer. In Johannes 14:8:

> *Filippus* het *vir hom* gesê, *Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.*
>
> En *Jesus* het *vir hom* gesê, Ek was *so lank . . . by julle, . . .* ken *my nie, Filippus?*

54 Ek sou neem en 'n konteks daaruit haal: *Toon Ons Die Vader*. Dis die uitroep van die menslike hart, was altyd. Sedert ons weet dat daar 'n God is, het elke sterfling probeer om oor die tydsgordyn te kyk om uit te vind of hulle kon sien waar hulle vandaan kom, wat hulle hier moet doen, en waar hulle sal wees nadat hulle hier weggaan.

55 Nou, ons weet ons kom van iewers af, en ons is hier vir een of ander rede, en ons gaan iewers heen. En daar's nie, in al die literatuur in die wêreld, is daar net een Boek Wat vir jou kan sê waar jy vandaan kom, wie jy is, en waarnatoe jy gaan, dis hierdie Bybel. So ons nader Hom vanmiddag.

56 Dis selfs die oudste boek in die Bybel, Job. Toe hy vol swere was, gelyk het asof alles teen hom gedraai het, en, sy—sy Christen, of, sy godsdienstige vriende gesê het: "Job, jy het kwaad gedoen." Baie mense wil sê, omdat iemand siek is, dat hulle kwaad gedoen het, dis nie die waarheid nie. Job was 'n volmaakte man, God het so gesê.

57 Maar partymaal laat God beproewinge Sy mense tref om hulle te toets vir hulle geloof. Hy het 'n heilige getoets, nie 'n sondaar bestraf nie. En God doen dit om te toets. Jesus het gesê . . . Die Skrif sê elke seun wat na God toe kom, moet beproef,

getoets, geleer word soos 'n kind, en dan word hulle bewys as regte kinders van God.

58 En nou, in Job se geval, toe al sy rykdom van hom weggeneem is, en al sy kinders weggeneem is, al sy vriende was, hulle hul rug op hom gedraai, sewe dae gesit, hom beskuldig het dat hy 'n geheime sondaar was, het, Job, tog nie . . . hy het geweet hy was nie 'n sondaar nie, want hy het vasgestaan op wat God belowe het. God het die brandoffer vereis, en Job het dit geoffer vir hom en sy kinders, en hy het geweet hy was geregverdig, omdat hy God se geskikte offer geoffer het.

59 Hoe ons daaruit kan leer vandag, wanneer ons weet dat ons gelowig in die Teenwoordigheid van God kom met geloof, daar niks is wat dit gaan verander nie. God het so gesê, en dit handel dit af.

60 Toe, toe hy so in sy nood geraak het en op die ashoop gesit het, sy swere gekrap het, sy liggaam vol swere was, en sy vrou gesê het: "Job, waarom vloek jy nie vir God en sterf nie?"

61 Hy het gesê, nou, hy het haar nooit 'n dwase vrou genoem nie, hy het gesê: "Jy praat soos een." Hy het gesê: "Jy praat soos 'n dwase vrou. Die Here het gegee, en die Here het geneem; geseënd sy die Naam van die Here." Hy wou God nie vervloek nie. Hy het geweet dat hy niks gehad het nie, gesê: "Nakend het ek in die wêreld ingekom, en nakend sal ek uitgaan."

62 Toe, toe die Gees op die profeet gekom en hy begin het om die Regverdige Een te sien wat sou kom, hy het 'n plek probeer vind waarnatoe hy kon gaan en klop aan Sy deur [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] en sê: "'Ek—ek wil graag 'n oomblik met U praat, ek het 'n paar probleme waaroor ek graag wil praat. Waarom is ek siek? Waarom ly ek so?' As ek net Sy deur kon vind, waar ek aan Sy deur kan klop! Ek wil dit graag vir Hom verduidelik."

63 Toe uiteindelik, het God met hom gepraat in 'n warrelwind, gesê: "Omgord jou lendene soos 'n man." En God het afgekom in 'n warrelwind, gesê: "Job, waar was jy toe Ek die wêreld gegrond het? Sê My waaraan die asse vasgehaak is. Toe die môresterre saam gesing het en die seuns van God uitgeroep het van vreugde, waar was jy, Job? As jy soveel wysheid het?"

64 Toe het die Gees op die profeet gekom, en hy het gesien, hy het gesê: "O, as ek net Iemand kon vind, een of ander Man na wie ek kon gaan wat insig gehad het, Iemand wat ek kan vertrou en sê: 'U is God se Verteenwoordiger,' een of ander Man wat Sy hand kon sit op 'n—'n—'n sondaar en op 'n Heilige God en die gaping oorbrug." Dis die Een waarna ons soek, Iemand Wat 'n hand kan sit op 'n sondaar en op 'n Heilige God en in die bresse tree.

65 En toe, nog tweeduisend jaar voor die Regverdige Een gekom het, het hy 'n visioen gesien, en het hy uitgeroep toe hy het, want die donderslae het gedreun, die weerlig het geflits, en hierdie

profeet het in die Gees gekom, hy het 'n visioen gesien. Toe het hy opgestaan en gesê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek God in my vlees sien, vir Wie ek self sal sien, my oë sal aanskou en nie 'n ander nie. Want ons het niks in hierdie wêreld ingebring nie, dis verseker dat ons niks uitneem nie. Die Here het gegee, en die Here het geneem; geseënd sy die Naam van die Here."

66 Hy het daardie vertroosting gevind, hy het daardie Iets gevind wat—wat kon, Iemand Wat in die bresse kon tree en kon voorspraak maak tussen 'n sondige man en 'n Heilige God.

67 Ek is so bly vanmiddag, kerk, vir julle, my vriende wat ek gepraat het van julle harde, vermoeiende werk, en julle liefde, en trane, ek is bly vandag dat ons ook daardie Een gevind het, wat in die bresse kan tree en voorspraak maak vir my en julle, wat onwaardig is. Ek wil graag praat oor om Hom te sien en julle net wys hoe eenvoudig dit is.

68 Baiekeer stuur ons ons leerlinge weg, ons kinders, na skole vir hoë geleerdheid, en sonder om dit te minag, God verhoed dit, dis alles reg, dit speel 'n rol, dit speel 'n rol maar nie die hoofrol nie, baiekeer leer ons hulle weg van God af.

69 Ons sal God nooit deur geleerdheid ken nie, jy kan nie. Ons het dit nou uitgevind dat dit 'n persoon verg. . . Geleerdheid is die ergste vyand wat die Evangelie ooit gehad het. Nou, ondersoek dit net en sien dit. Die mens dink net hy kan slimmer as God wees, hy kan dit nie doen nie, sy intellektuele is net 'n mens, God is Gees, oneindig. Nou, ons vind. . .

70 Nou wil ek praat oor om God te sien. "Toon ons die Vader, en dit sal ons vir ons genoeg wees." Jesus het soveel van Sy Vader gepraat, en Filippus wou *so* graag hê, dat hy sou. . . net vir hulle gesê: "Nou, moenie dat julle harte ontsteld word nie, want Ek maak gereed om julle te verlaat, julle het in God geglo, glo ook in My," gepraat van die Vader se Huis.

En Filippus het uitgebars en gesê: "Toon ons die Vader, en dit sal vir ons genoeg wees."

71 Hy het gesê: "Ek was so lank by julle, Filippus, en jy ken My nie? Hy wat die Vader gesien het. . . Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: 'Toon ons die Vader?'"

72 Nou, ek wil graag vanmiddag vra: Wil julle God graag sien? Wil julle regtig graag hierdie Een sien waarvan ons praat? Kan Hy gesien word?

73 Ons het die eerste aand daaroor gepraat hier. Maar ek gaan vier verskillende maniere wys waarop ons God kan sien. Nou, ek gaan sommer gou oor vier onderwerpe praat: "God In Sy Heelal," "God In Sy Woord," "God In Sy Seun," "God In Sy Mense." En miskien sal ons daardeur in staat wees om te vind wat God is,

waar Hy is. Het Hy heengegaan? Was Hy Iets wat eens gelewe het en nou verby is? Nee, meneer.

74 Hy het gesê: "Ek sal julle nooit begewe, of julle nooit verlaat nie. Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld. Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld."

75 Nou, ek gaan eers praat oor "God In Sy Heelal." Laat ons nou rondkyk en kyk of ons Hom kan sien. En as ek kan, deur die Skrifte, bewys dat God Almagtig net hier in hierdie kamer is vanmiddag, behoort dit sekerlik die vraag te beantwoord of jy Hom sal glo of nie, maar deur die Skrifte en deur die bewyse, bewys dat Hy nou net hier is.

76 Julle kyk die heeltyd bo-oor Hom, om Hom te probeer vind, julle spring na iets ver daar *buite*, wanneer Dit net *hier* is. Die Bybel sê dat God nader aan ons is as ons arms, ons ledemate van ons liggame, want Hy is deel van ons, Hy is ons Lewe.

77 Nie lank gelede nie, gepraat van God in Sy heelal, het ek 'n ou man gehad wat na my kerk toe gegaan het met die naam van James Wiseheart. Hy was 'n ou visserman, ek het hom "Oom Jim" genoem.

78 Hy was omtrent byna tagtig jaar oud, en hy het altyd visgevang in die rivier, hy sou na die kerk toe kom, hy was 'n Kentuckiër, en die rivier is omtrent een myl breed en, o, die goeie ure wat ek en ou Oom Jim saam op die rivier gehad het, daardie babers gevang het, heelnag saam op die oewer gelê en van God praat en mekaar se hande vasgehou en gehuil het soos babatjies. Hy's oorkant aan die Anderkant vanmiddag, ek verwag om hom eendag te sien, wanneer ek oorgaan.

79 Die laaste woord wat ek hom vir my hoor sê het, toe ek Kanada toe gekom het, hier 'n paar jaar gelede, het hy gesê: "Eendag, Billy Boy, sal jy terugkom, en Oom Jim sal weg wees." Omtrent twee dae daarna, het hy skielik omgeval, en gesterf aan 'n hartaanval, Huis toe gegaan om God te ontmoet.

80 Daar was 'n sekere kerk in ons stad wat 'n familietjie na hierdie kerk toe gegaan het, en die kerk was net meer soos 'n denominasie wat geglo het dat daar. . . soort van geleer het dat God Iets geskiedkundig was. En so was daar 'n klein seuntjie in sy Sondagskoolklas, wat opgewonde geraak het, en hy het vir sy mamma gesê, hy het gesê: "Moeder, as God so groot is, en. . . hoekom kan ek Hom nie sien nie?"

"Wel," het die moeder gesê: "seuntjie, ek weet nie."

Gesê: "Kan ek Hom sien?"

Sy het gesê: "Ek weet nie. Hoekom vra jy nie jou Sondagskoolonderwyseres nie?"

81 En so hulle. . .seuntjie het, by die volgende Sondagskool, gesê: "Juffrou, ek wil vir jou iets vra wat my—my mamma nie kan antwoord nie." Gesê: "Kan enigiemand vir God sien?"

"Wel," het sy gesê: "ek weet nie." Sy het gesê: "Vra vir die pastoor."

82 So die seuntjie in . . . het in sy opgewondenheid na die pastoor toe gegaan en gesê: "Pastoor, ek wil vir jou 'n vraag vra wat nie my mamma of my Sondagskoolonderwyseres my kan antwoord nie." Gesê: "Hierdie groot God waarvan jy praat, is Hy nie die God van die menslike ras nie?"

"Ja, seuntjie. Hoekom?"

Gesê: "As Hy God is, kan enigiemand Hom dan sien? Ek wil Hom graag sien."

"O," het hy gesê: "seuntjie, nee. Niemand kan God sien nie. God kan nie gesien word nie."

83 Die seuntjie was teleurgesteld. So hy het altyd opgegaan in die rivier saam met ou Broer Wiseheart om vis te vang. Eendag op pad terug, en Broer Wiseheart met sy silwer-punt baard, was omtrent vyf-en-sewentig jaar oud, en hulle het 'n pragtige vangs gehad in die rivier en was op pad terug, daar het 'n storm opgekom, en dit het hulle na die oewer toe gedwing.

84 En hulle het na die oewer gegaan, en hulle het gerus tot die storm verby was. Onder 'n paar bome ingegaan en agter onder die groot esdorings ensovoorts, tot die storm verby was. En toe na die storm verby was, het hulle die boot uitgestoot en in die rivier afgegaan.

85 En die klein brandertjies, en net 'n roeier weet wat dit is om daardie musiek te voel van die sak van die roeispane soos. . . teen die golwe, 'n klein geklap van die golwe. En die son het ondergaan in die weste, en agter in die ooste waar hulle vandaan gekom het, die seuntjie het in die agterkant van die boot gesit, en daar was 'n reënboog, wat uitgekom het in die hemele, soos God 'n belofte gemaak het dat die wêreld nie meer deur water vernietig sou word nie.

86 En die ou visserman soos hy hierdie roeispane begin trek het, het daardie reënboog bly dophou, en naderhand, het hulle yslike groot, glinsterende, wit trane opgelet wat teen sy wange afloop, oor sy grys-punt baard. En die seuntjie het die ou man net dopgehou vir 'n paar oomblikke, so opgewonde geraak, hy het opgehardloop in die middel van die boot, neergeval langs die ou visserman se skoot, en hy het gesê: "Meneer, ek gaan vir jou iets vra wat my ma, of Sondagskoolonderwyseres, of pastoor nie kan antwoord nie." Hy het gesê: "Kan enigiemand vir God sien?"

87 Die ou visserman, oorweldig deur die vraag van die seuntjie, het sy roeispane in die boot ingetrek, sy arms om die seuntjie gegooi, en hom teen sy bors vasgedruk, en geween, het hy gesê:

"God, seën jou hartjie, skat. Al wat ek die afgelope vyftig jaar gesien het, was God." Hy het soveel God aan die binnekant van hom gehad, hy kon Hom oral sien.

88 Dis hoe jy vir God sien, is om God binne-in jou te kry. As jy skepties raak, en—en wonder, en verbouereerdhede, en twyfel, sal jy God nooit sien nie. Jy moet God in jou laat inkom, dan sal Hy jou oë oopmaak.

89 Nou, byvoorbeeld, ek het nou die dag met die opkom opgelet, dat al ons eende, van onder in Indiana, hiernatoe kom om julle mense in Kanada te besoek. Hulle is 'n gesellige soort skepsel. En hulle het hiernatoe gekom vir een rede, om die nes te maak. Hulle sal weer daar terug wees, Indiana, so, onder in Texas en Georgia; hulle kom oorwinter saam by ons, hulle kom hier op om . . . in die lentetyd om julle almal te besoek.

90 En dan wanneer hulle . . . Ek weet dis 'n vreeslike woord, *julle almal*, maar julle onthou ek's 'n—ek's 'n rebel, so . . . En wanneer hulle hiernatoe kom, gaan hulle uit in die slym hier, in julle dammetjies en op julle mere, en hulle maak hulle klein nessies, hulle broei hulle klein baba eendjies uit en—en hulle . . . swem hulle rond op hierdie meer, tot daar naderhand 'n sneeu kom en—bo-oor die berge kom. Omtrent September, wanneer daardie eerste koue briesie aftrek oor hierdie prêries hier . . .

91 Nou onthou, daardie klein eendjies was nog nooit van daardie dam af nie, hulle is net daar gebore. En hulle is nou mooi groot eende, volwasse. En daar's een onder hulle wat as 'n leier gebore is, God het hom 'n leier gemaak. En die eerste keer wat daardie wind waai, hy het dit nog nooit tevore gevoel nie, maar hy weet daar's iets verkeerd. Wat doen hy? Hy gaan reguit uit in die middel van daardie dam met daardie klein spane, steek daardie trompetjie in die lug op en: "*ooink-ooink, ooink-ooink*." En elke eend op die dam sal reguit na hom toe kom.

92 Wat sal hy doen? Reguit opstyg van daardie dam af saam met elke eend daar, en net so reguit na Louisiana toe gaan as wat hy kan gaan. Hoe weet hy om te gaan? Hoekom?

93 Ons sê: "Instink, instink lei hom." Wel, as instink 'n eend uit 'n bevrore land na veiligheid kan lei, hoeveel te meer behoort die Heilige Gees die Kerk van die lewende God te lei? Die probleem is dat ons nie herken nie, ons luister na ons leiers, daardie mensgemaakte leiers, in plaas van 'n God-gegewe Leier, wat die Heilige Gees is. Ons luister na biskoppe en aartsbiskoppe en kardinale en priesters, wanneer ons behoort te luister na die Heilige Gees, want Dit is wat gegee was om die Kerk te lei.

94 Billy Jr., hier êrens, ek en hy het pas in Indië aangekom 'n paar jaar gelede, en ek het 'n Engelse koerant opgetel, wat 'n tweetalige land is, en dit het gesê: "Ek reken die aardbewings is verby, want die voëls vlieg terug." Ek het die artikel in detail gelees. Omtrent twee dae voor die aardbewing getref het . . .

95 In Indië is hulle nie so welaf as wat julle in Kanada is nie. Hulle moet die klippe optel op die lande om hulle huise te maak en—en hulle—hulle heinings te maak ensovoorts. En klein voëltjies gaan daar in en bou hulle neste in hierdie skeure, en dan by die heinings, het die skape ingekom, op 'n middag, die beeste, en in die skaduwee gestaan, waar die son, daardie direkte strale van daardie tropiese son hulle tref, en dis vreeslik warm. So hulle sou altyd in die middag kom en in die skaduwees van die mure staan, die groot hoë mure, en die voëltjies sou hulle neste maak en woon in hierdie inhamme agter in die rotse.

96 Maar eendag, skielik het al die voëltjies, vir een of ander onbekende rede, weggevlieg van die mure, en die beeste en skape nie ingekom om langs die mure te staan nie, hulle het geweet iets gaan gebeur. Wat het gebeur? Die tweede dag het hulle nooit ingekom nie. En weet julle hoe hulle skaduwee gekry het? Hulle het teen mekaar geleun en skaduwee vir mekaar gemaak.

97 Ek dink die Kerk behoort dit te leer. Julle Metodiste, Baptiste, Pinksters, en Presbiteriane, weet julle nie, broers, dat ons teen mekaar behoort te leun, op mekaar te steun om skaduwee vir mekaar te maak, om mekaar te probeer help, nie om mekaar te probeer veroordeel nie, maar te probeer om 'n bietjie skaduwee te maak, 'n bietjie Evangelie skaduwee om in te staan, want dis 'n vermoeiende tyd waarin ons lewe.

98 Meteens, rondom dagbreek die volgende oggend, het daar 'n aardbewing gekom, een na die ander, totdat dit daardie mure platgeskud het. As die skape langs die mure gestaan het, sou hulle omgekom het, die beeste ook, as die klein voëltjies in hulle huise in—in die mure was, sou hulle omgekom het. Maar wat is dit? Dieselfde God wat die skape, en die beeste, en die voëls in die ark laat inloop het, bewys dat Hy steeds dieselfde God is, 1960.

99 Het Sy diere gewaarsku om te vlug van die toorn wat sou kom, Hy kan ook Sy. . .En ek het die uitknipsel daarvan uit die koerant gekry. Toe, na die laaste gedreun van die aardbewings, het die voëltjies teruggekeer, en die beeste het teruggekeer.

100 Wat is dit? God in Sy heelal, God wat met die natuur praat, wys dat Hy dieselfde God is wat daar in Noag se tyd was, dieselfde God vandag is. En as voëls en diere steeds gelei kan word deur instink, wat 'n God-gegewe ding vir hulle is, hoeveel te meer sal. . .moet ons deur die Heilige Gees vlug van die toorn wat kom? Want ons weet almal dat ons name op 'n Russiese waterstofbom iewers is. Waarom vlug ons nie vir die toorn nie? Ons weet as ons in sonde sterf, sal die hel ons ondergang wees.

101 En God, soos Hy belowe het in die laaste dae, om hierdie selfde tekens en wonders te stuur wat julle nou sien gedoen word in die Kerk, om die waarskuwingsteken van die laaste dag te wees. En ons kyk daarna en bly steeds in die ou modderhutte van die wêreld, bly steeds in ons ongeloof. "God in Sy heelal."

102 Ek wil dit vir my jagmaats sê: Soos meeste van julle weet, is ek 'n gids in Colorado, ek het daarbo geboer vir jare. En ek het altyd tye onthou toe ons. . . die Troublesome Riviervallei is. . . die Hereford Vereniging bewei daardie vallei. As jy 'n ton hooi kan oes, kan jy 'n koei in die woud sit net *hierdie* kant van Estes Park en die Arapaho woude, maar jou plaas moet 'n ton hooi produseer, en dan, natuurlik, brandmerk jy jou beeste daar. Ek dink nie. . . Ek glo jy doen onder in Vernon, Broer Schultz, brandmerk jy nog jou beeste hier, en dis om te keer dat hulle deurmekaar raak.

103 En dan, het hulle 'n dwaalheining waar die—die beeste afkom sodat hulle nie afdwaal op private eiendom nie. Die veldwagter het altyd daar gestaan. En wanneer ons die beeste sou bring na die vroeë lente aan-jaag en hulle bring om hulle in die weiveld te sit, ons het hulle altyd soontoe aangejaag. En baiekeer het ek gesit met my been om die horing van die saal, daardie veldwagter dopgehou wat na hulle kyk soos hulle deurgaan.

104 O, daar's allerhande soorte brandmerke. Ons het gehad, glo ek, ons het gehad. . . een is die—die Driepoot genoem, en my buurman was 'n Kalkoenspoor, en—en die ander een was, Grimes, oorkant aan die ander kant, wat die grootste boer in die vallei was, hy het die—die streep gehad, Diamandstreep, en daar was baie verskillende brandmerke.

105 Maar julle weet, ek het opgelet daardie veldwagter het nooit veel aandag aan daardie brandmerke gegee nie, maar daar's een ding wat hy noukeurig nagegaan het, dit was die bloedplaatjie, want niks kon daardie weiveld bewei sonder dat dit 'n volbloed Hereford was nie, want hulle was almal geregistreer, en hy het die bloedplaatjie dopgehou.

106 Ek het dikwels gedink dis hoe dit sal wees by die Oordeelsdag. Wanneer ons daar staan, sal Hy nie oplet watter brandmerk ons dra nie, maar Hy sal soek na die Bloed van Sy Seun om te sien of ons Dit aanvaar het.

107 Een jaar daarbo gejag, het ek. . . die sneeu het nog nie gekom nie, so die—die elande was hoog, en ek het daarbo rondgesoek vir elande. En Mnr. Jeverez, die baas van die plaas, en hy het agter in 'n ander gebied ingegaan, en ek sou hom kom haal na 'n paar dae. Maar ons was klaar met al ons, wat ons noem: "kêrels," ons jagters was weg, en so was ons hoog op om 'n paar trofeë te kry.

108 En ek was hoog op, want die sneeu moet daardie elande uitjaag, hulle is 'n wilde skepsel. En ek het geloop, en daardie tyd van die jaar sal dit—sal dit sneeu, en dan reën, en dan kom die son uit ensovoorts.

109 En daar het 'n storm reën gekom, en ek het net agter 'n paar bome ingegaan, amper op die rand van die woud. En terwyl ek agter die boom was, het ek net daar gestaan en dink: "O Here my God! Ek is in ontsaglike verwondering, hoe, en in die sterre in

die hemele in die groot heelal, U God is!" Die reën het opgehou, ver oorkant in die weste het die son uitgekom deur die skeur van die berg, gelyk soos God se groot oog wat gekyk het. En as gevolg van die reën en ys wat aan die immergroen bome hang, het daar 'n reënboog oor die canyon gekom.

110 En ek het daar opgekyk, ek het gesê: "O God, dis so goed om hierbo te wees! Daar is U in die reënboog." En net toe, het 'n prêriewolf gehuil op die heuwel, en—en die maat het dit aan die onderkant geantwoord. En hoe lief het ek die natuur, die heelal van God!

111 Ek kon God hoor in die gehuil van die wolf. En ek het die groot ou elandbul gehoor trompetter, afgedwaal in die storm van die res van die trop. Daar, daar gestaan met my hande in die lug, in trane omdat ek God in die sonsondergang kon sien, ek Hom in die reënboog kon sien, ek Hom kon hoor in die gehuil van die wolf vir sy maat, ek Hom kon hoor in die trompetter van die eland vir sy trop. God is in Sy heelal, broers, is beslis.

112 "O," het ek gedink: "hoe kan mense nie daarna kyk nie?" Ek het gedink: "Dis goed om hier te wees." Soos Petrus gesê het: "Kom ons bou drie tabernakels," maar onder aan die onderkant van die berg. . . Ek het gedink: "Here, waarom sal ek moet. . .? Ek is gebore hiervoor, ek is gebore vir die berg, Ek hou hiervan, en waarom sou ek ooit moes afgaan? Maar natuurlik, daar's siek kinders aan die onderkant van die berg, met pappa en mamma wat nie vir God ken nie, ek moet die plek verlaat en afgaan."

113 Terwyl ek daar gestaan het, wel, vir julle Presbiteriane, reken ek het ek emosioneel geraak, vir julle Pinksters, het ek geskree: Ek het so bly geword, dat ek my hande begin opgooi het, en ek om-en-om daardie boom begin hardloop het, geskree het so hard as wat ek kon, God geloof het. Hoekom? Ek het Hom in Sy heelal gesien, sekerlik.

114 En ek het net geskree. As iemand in die woude ingekom het, sou hulle, gedink het hulle het 'n kranksinnige man in die woude, maar ek was omtrent vyf-en-dertig myl van die beskawing af. En ek het gehardloop, ek het nie omgegee nie, wou nie hê enigiemand moet my hoor nie, ek het my God geloof, vir Wie ek kon sien in Sy heelal, Hom hoor in Sy diere, Hom in Sy sonsondergang sien, Hom dophou in Sy reënboog, ek het gedink: "Alles hier is God."

115 Hy is nader as jou regterarm, jy sien Hom net nie. Hoe kan 'n blom groei sonder God? Al die wetenskap in die wêreld kan nie een blaar van daardie varing maak nie. Hulle kan iets maak wat so lyk, maar hulle kan dit nie maak nie, want dit het lewe daarin. God is die enigste Lewe wat daar is.

116 Wie kan 'n—'n lelie aanskou en sê daar's geen God en steeds sê hy's by sy volle positiewe? Hy kan nie by sy volle verstand wees nie. Met al ons wetenskap, sou ons nooit 'n lelie kon bou nie. Maak vir my 'n boom, iemand. Jy kan dit nie doen nie. Maak

vir my ’n grashalm. Jy kan dit nie doen nie. Dis God, God in Sy blomme, God in Sy son, God in Sy heelal, God in Sy diere, God in Sy skepping, iets daaromtrent.

117 Ek onthou eenkeer, ek en Pappa het geploeg, en ons het mielies geploeg, en ek was net ’n klein seuntjie en my perd het net *so* begin snork, agter in Indiana op die plaas, en ek het gesê: “Wat makeer?” Hulle het opgekyk. Ek het gesê: “Miskien kom daar ’n dier.”

118 O, ek sien my ou pa, hy was omtrent toe, omtrent dertig jaar oud, ek veronderstel, miskien vyf-en-dertig, hy het gestop, hy het gesê: “Billy, my seun, ek wil vir jou iets vertel.” Hy het gesê: “Daardie perde sien niks nie.” Gesê: “Maar weet jy wat gaan gebeur?”

Ek het gesê: “Nee, Pa.”

Hy het gesê: “Daar is ’n storm op pad.”

“Wel,” het ek gesê: “nou, my vader, ek sien glad nie enige wolk nie, ek hoor ook nie ’n donderslag, of sien nie weerlig nie.”

Hy het gesê: “Jy hoef nie, jy kan dit nog nie sien nie, hulle kan.”

Ek het gesê: “Ek verstaan dit nie. Jy bedoel sy sig is beter as myne?”

119 Hy het gesê: “Nie noodwendig nie, maar jy sien, Billy, die Almagtige God het ’n manier in die natuur geplaas om homself te bewaar en homself te onderhou.” Gesê: “Daardie perd kan daardie storm ruik of voel,” en gesê: “God gee hulle dit sodat hulle veilig kan wees.”

120 Ek het ’n tydjie daar gestaan, my vader was nie ’n Christen op daardie tyd nie, so ek het gedink: “Sekerlik, as God ’n perd ’n sintuig kan gee om by veiligheid te kan uitkom wanneer daar probleme kom, hoeveel te meer kan Hy vir Sy kinders gee?” Hy is in Sy heelal. Sien?

Omtrent, nog twee rondtes geploeg en ek het die donderslag gehoor, die wolk was op ons binne omtrent nog ’n halfuur. Hulle kon dit aanvoel.

121 En om voort te gaan oor op die berg, terwyl ek daar gestaan het, en ek het om-en-om hierdie boom gegaan, net gejuig met my hele hart. Julle weet, ek, wanneer ek godsdienstig voel, ek voel nou so, raak ek—ek soort van emosioneel, ek—ek reken julle mag dit fanatisme noem, maar iemand het gesê: “Billy, jy maak asof jy nie by jou volle verstand is nie.”

122 Ek het gesê: “Wel dan, los my net uit, want ek voel beter op *hierdie* manier as wat ek op die ander manier het. So as ek nie by my volle verstand is nie, laat ek net *hierdie* een hou, want ek geniet hierdie baie meer, deur God daarin te ken.”

123 En so om-en-om die boom het ek gegaan, en ek het gestaan met my hande op, gesê: "God, U is my Vader. O, ek het U lief, U, Wat die berg gemaak het, en my dit laat geniet het, die wilde diere gemaak het. En hier staan ek en baai in U Teenwoordigheid. Waarom kan mense U nie in U groot heelal sien nie?"

124 Hoe kan hulle hierdie aarde verduidelik wat in die gate staan, wat in die lug hang soos hierdie, wat perfek draai, en *so* perfek ingestel, dat die sterrekundiges die einste minuut kan bepaal wat die verduistering in die maan sal kom, tussen die maan en son twintig, en dertig jaar voor die tyd?

125 Daar's nie ooit 'n stuk masjienerie uitgevind wat so kan beweeg, so volmaak kan beweeg nie. Jou horlosie kan dit nie doen nie, daar's geen horlosie wat perfek kan tydhou nie, nie vir enige tydsbestek nie. Dit sal 'n sekonde of twee verloor, of 'n sekonde of twee wen. Daar—daar's niks wat die mens so kan doen nie, maar God is volmaak, Hy is presies op tyd.

126 Hierdie diens is nie voorsienigheid nie, dit is God se voorsiende weg vir ons, dis net in die regte seisoen, die regte tyd. Jy het nooit vanmiddag net per toeval hiernatoe gekom nie, dit was God wat jou hiernatoe gebring het. Alles beweeg net reg. Nou, of jy wil luister, of jy wil glo, dit sal van jou afhang, maar by die Oordeel, dan sal God sê: "Onthou jy?" Uh-huh. Wat kan jy dan sê?

127 Nou, let op, en my aandag was getrek. . .Hierdie klink baie soos 'n grappie, maar dis nie 'n grap nie. En ek het om die boom gehardloop en meteens het 'n denne-eekhorinkie. . .Ek weet nie of julle hulle hierbo het of nie. Hy—hy's die kwaaiste dingetjie wat in die woude is, hy net, wel, dis net soos hulle sê, die Ier se uil, net groot geraas en vere en weinig uil.

So hy—hy was net. . .hy blaf net en gaan aan. Mnr. Jeverez het altyd vir my gesê. . .Ek het gesê: "Wat laat hulle skree?"

Hy het gesê: "Hy vloek jou."

Ek het gesê: "*Tsk*, *tsk*, *tsk*, *tsk*, *tsk*, sulke taal!"

128 En terwyl hy—hy aangegaan het, net op-en-af gespring het. En ek het gedink: "Waaroor is jy so opgewonde, kêreltjie?" Ek het gesê: "Het ek jou opgewonde gemaak, omdat ek om die boom gehardloop het? Kyk hierna!" En om-en-om het ek weer gegaan.

129 En hy het net daar gesit, net aanhou babbel op 'n—'n stomp waar daar 'n boom omgewaai het. En ek het gesê: "Het jy geweet ek aanbid die einste God wat jou geskape het?" Nou, ek het gesê. . .

130 Ek het nog 'n paar keer omgehardloop, en ek het die kêreltjie opgelet, ek het gedink ek het hom opgewonde gemaak, maar sy ogie het uitgepeul op sy wang, en hy het onder na daardie oopte gekyk. En ek het gedink: "Wel, wat is daaronder?" En die storm

het ’n groot arend afgebring en dis waarvoor hy geblaf het, dit was nie vir my nie, dit was daardie arend.

131 So ek het gekyk en hierdie groot arend het opgespring. In Colorado het ons die bruin arend, yslike groot pragtige voël. En ek is lief vir arende, want God vergelyk Sy kinders, Sy erfenis, met arende, en God, Self, noem Homself ’n Arend, Hy is Jehova Arend, Pappa Arend, ons is Sy klein arendjies.

132 ’n Arend kan hoër vlieg as enige ander voël wat daar is. As ’n valk hom sou probeer volg, sou hy disintegreer in die lug, so jy Christelikheid probeer naboots, laat jy net jouself oopbars, dis al, help jou niks. Wees ’n arend, word wedergebore, veranderde geaardheid, dan kan jy teen Jakob se leer opstap, dan kan jy klim na die hoogste plekke waar alle dinge moontlik is vir hulle wat glo, maar jy moet ’n arend wees, ’n gelowige.

133 Moenie probeer. . .Die Hebreërs toe hulle oorgegaan het, soos arende, oor die Skelfsee, die agtervolgers, wat gevolg het, onbesnede Egiptenare het dit probeer doen en hulle lewe verloor. Jy kan nie Christelikheid naboots nie, jy moet ’n Christen wees. Dis reg.

134 Nou, ek het hierdie groot kêrel opgelet, en ek—ek het opgehou met my geskree en om-en-om die boom hardloop, en—en ek het na hierdie groot arend gekyk, en ek het gesê: “Nou, ek wonder waarvoor het God my gekeer om aan te hou skree?” Ek glo dat alles ten goede meewerk. En ek het gedink: “Ek het so ’n wonderlike tyd gehad, waarom sou U my nou stop om na daardie arend te kyk? Die ou aasvoël!” Ek het gesê: “Wel, wat—wat—wat U. . .? Ek sien niks so manlik aan hom, so goddelik nie.”

135 Maar ek het gedink: “Alles hierbo moet God daarin hê.” Alles, jy kan kyk na die gemeenste persoon op die aarde en jy sal ’n paar goeie dinge omtrent hom vind. Dis reg. So God is oral, jy moet net rondkyk om Hom te vind.

136 Dis waarom Jesus gesê het. . .En ek glo as jy iemand het. . . Jy kan enigiemand liefhê wat jou liefhet, maar kan jy diegene liefhê wat jou nie liefhet nie? Dis die Gees van Christus. Sien? Wanneer hulle jou sal mishandel en kwaad teen jou spreek en jy hulle steeds uit jou hart kan liefhê, dan weet jy jy kom nader aan die Koninkryk dan. Sien? So Hy het gesê: “As ons net hulle liefhet wat ons liefhet, watter beloning het ons?”

137 So ek het na die ou arend gekyk en ek het daardie yslike groot, grys oë opgelet soos hulle geknip het. En ek het gedink: “Wel, wat is. . .? Watter goddelikheid kan ek sien aan daardie kêrel? Hy’s deel van die skepping. Wel, watter goddelikheid kan ek aan hom sien?” Ek het opgelet hy was nie bang nie, en dis God daar, alleen.

138 God het geen nut vir ’n lafaard nie. As jy bang is om Hom te vertrou, moenie eers ’n poging aanwend, tot jy tevrede is dat Hy Sy Woord hou en Hy Sy belofte hou nie, dan is daar niks wat

jou gaan keer nie. Dis reg. Maar wees seker dat jy weet waar jy staan, want jy sal jouself net erger maak.

139 Toe het ek hom opgelet, ek het gedink: “Is jy nie bang vir my nie?” Ek het my geweer teen ’n boom gehad, ek het gesê: “Ek kan my geweer gryp en jou skiet.” En hy het net daar gesit, en ek het opgelet: “Wat. . .? Hoekom, hy so . . .? Waarom is hy nie bang nie?” En ek het opgelet dat hy sy vlerke gehad het, hy het hulle bly voel, te kyk of die vere almal in goeie werkende toestand was.

140 Ek het gedink: “Dis reg! God het hom twee vlerke gegee, hy het vertroue in hulle. Hy weet dat hy in daardie bome kan wees voor ek my hand op daardie geweer kry, en hy het volmaakte vertroue in sy God-gegewe manier van ontsnapping.” En as ’n arend, in God se heelal, genoeg vertroue kan hê in ’n God-gegewe gawe van sy vlerke, hoeveel te meer behoort ons, die kinders van God, vertroue te hê in die Heilige Gees, selfs al sê die dokter jy gaan sterf aan ’n kanker, net solank jy daardie krag van God daar kan voel, laat alles ’n leuen wees en God se Woord waar wees.

141 Ek het hom dopgehou, ek het gedink: “Daar is U God, ek sien U nou, want hy’s nie bang nie.” God haat ’n lafaard. Liefde dryf vrees uit, so as jy liefde het, het jy geen vrees nie. Daar’s niks . . . Daar is nie enige waarde aan vrees verbonde nie, daar’s nie een ding nie, dit sal jou hinder.

142 Jy sê: “Wel, wat as jy geskiet gaan word in die oggend? Sou jy nie bang wees nie?” Nee, meneer. Vrees kan my nie help nie, vrees kan my net erger maak. “Wel, wat sou geloof vir jou kon doen as hulle alreeds geteken het dat jy in die môre gaan sterf?” Geloof kan my kwytskelding teken. Amen. So laat ek geloof neem.

143 As die dokter sê jy gaan sterf aan ’n kanker, dis al waarvan hy weet, hê geloof, en dit sal die situasie vir jou verander. As hy sê jy sal nooit weer loop nie, die man praat die waarheid, dis al wat hy weet. Dis waarna hy kan kyk, wat hy kan . . . Hy kan net volgens sy sintuie gaan: voel, ruik, proe, hoor. Maar julle sien, geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat jy nie voel, proe, ruik, of hoor nie. Dis geloof, jy glo dit, dis ’n sesde sintuig, bokant die vyf sintuie.

144 Toe het ek na daardie kêrel gekyk, ek het gedink: “O, ek bewonder jou.” Ek het gesê: “God, ek sien U in daardie arend.” En hy het ’n rukkie na my gekyk, hy het uitgevind dat ek sy vriend was, so ek sou hom nie seermaak nie.

145 En naderhand, het hy bly kyk na daardie denne-eekhorinkie, en ek het opgelet daardie denne-eekhorinkie was—was die een wat hom so erg gevloek het. En hy het genoeg daarvan gehad, so hy het net afgebuk en ’n groot klap met sy vlerke gegee, omtrent twee klappe en hy het oor die bome gegaan. En ek het opgelet wat hy gedoen het, ek sal dit nooit vergeet nie.

146 Luister, julle strikspanners, jagters, hy het geweet hoe om sy vlerke te stel. En daar het ’n briesie teen die berg opgekom, elke

keer wat die wind sou kom, sou hy net opry daarop, nog ’n windjie sou kom, sou hy ’n bietjie hoër ry, dan nog ’n windjie sou kom, sou hy ’n bietjie hoër gaan, het nooit ’n veer beweeg nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel.

147 En ek het gestaan en hom dopgehou totdat ek hom net uit die oog verloor het. Ek het daar gestaan en die trane het teen my wange afgeloop. Ek het gesê: “Dis reg, God, dis die idee. Dis nie. . . ” [Leë kol op band—Red.] . . . en weggevlieg. O God! Dis reg.

148 Weet net hoe om jou vertroue in Sy Woord te plaas en te sê Dis die waarheid. “God In Sy Heelal.” Glo julle Hy is in Sy heelal? Hy is in Sy blomme. Kan julle Hom nou sien, wat ek bedoel, in die sonsondergang, die sonsopkoms, in die stand van die aarde, die draai van die sonnestelsel, alles wat Hy is? Ek sou ’n ure, ure kon neem, net oor daardie een onderwerp: “God In Sy Heelal.”

149 Sê julle wat, ek glo julle kry ’n koerant omtrent twee keer ’n week hier by Dawson, nie waar nie? Nou, laat julle die nuuskommentators môre sê, dit word die herfs van die jaar, en hy sal sê: “Môre gaan dit mooiweer wees, dit sal mooi en warm wees môre.” En julle sien daardie ou sog neem daardie mieliestronke van die noordekant van die heuwel af, en bring hulle oorkant aan die suidekant van die heuwel, sy weet meer van daardie weer as al die kommentators in die wêreld, julle kan koue weer verwag.

150 Julle daardie konyne ver bo onder die ruigtes sien ingaan, en die nuusman sê: “Dit gaan mooiweer wees,” moet julle dit nie glo nie, daar kom reën. Sien? Hy weet meer daarvan as wat al die nuuskommentators weet, want hy het ’n God-gegewe instink. Hy’s deel van God se heelal. “God In Sy Heelal.”

151 Nou: “God In Sy Woord.” Nou, ek sal probeer vinnig maak sodat ons kan opskud, ek word laat. Dis ’n probleem van my, ek praat te veel, ek hou julle te lank. Maar die boontjies sal nie brand nie, en as hulle brand, sal ons nog opsit. Nou, hierdie is—hierdie is Voedsel wat jy nodig het vir Ewige Lewe.

152 “God in Sy Woord.” Nou, die Bybel het gesê dat die Woord van God ’n Saad is wat ’n saaier gesaai het. Nou, ons weet, julle boere hier, julle weet dat wanneer julle ’n saad saai, as julle koring saai, wel, dit sal koring voortbring, as dit behoorlik versorg word. As jy hawer saai, sal dit hawer voortbring, met sy regte sorg. Wel, dis Wat die Woord van God is: As jy enige belofte van God neem en dit in die regte atmosfeer plaas, sal dit presies voortbring wat dit in sy Lewe is.

153 Soos ’n hen, gewoonlik, is die regte prosedure om ’n eier te neem en dit onder ’n hen te sit, en sy sal die hoender uitbroei. Maar jy kan die—die eier neem, dis die atmosfeer wat tel, jy neem daardie selfde hoendereier en sit dit onder ’n—’n klein hondjie, en die hondjie se liggaam die eier laat warmhou, sal dit ’n hoender uitbroei. Sien? Dis atmosfeer.

154 En dis dieselfde ding wat dit hier is, vanmiddag, dis waarvan ek praat. As ons die regte soort van 'n Hemelse atmosfeer kan kry, gaan iets gebeur, sien, atmosfeer.

155 God is 'n. . . Woord is 'n Saad. Nou, julle neem 'n boompie, soos 'n klein, julle neem, baie van julle mense het boorde, julle neem 'n appelboompie, nou, kyk hierna, en plant daardie appelboompie as 'n plantjie, dis net omtrent *so* groot, kom van 'n saad af. Wel, het julle geweet elke appel wat ooit in daardie boom sal wees, is net dan daarin? Het julle dit geweet?

156 Julle sê: "Hoeveel appels sal daardie boom voortbring?" Miskien honderd-en-vyftig skepels, tweehonderd skepels, vyfhonderd skepels in die lewe van die boom. Maar nou, al vyfhonderd skepels appels is daarin wanneer dit net omtrent *so* groot is. As dit nie is nie, sê dan vir my waar dit vandaan kom? Sien? Dis daarin.

157 Nou, wat doen jy met die boom? Jy plant dit uit, sit dit onder in die grond, en plant dit, en dan gee jy dit water. Nou, wat doen die boompie? Die boompie moet water uit die aarde trek, en dit moet drink, en drink, en drink, moet meer as sy porsie drink. En soos dit drink, begin dit uitstoot, en naderhand, stoot dit takke uit, dan stoot dit blare uit, stoot dan bloeisels uit, dan stoot dit appels uit. Dis net drink en stoot uit.

158 En dis hoe 'n Christen is. Ons is geplant in Christus Jesus, wat, volgens my interpretasie, die onuitputlike Fontein van die Lewe is. En die enigste ding wat ons moet doen, as jy siek is, as jy iets nodig het, wanneer God jou vul met die Heilige Gees, is jy, deur een Gees is ons almal geplant, gedoop in een Liggaam, en die enigste ding wat ons dan moet doen, is net drink, drink, totdat ons Goddelike genesing uitstoot, heerlikhede, en die ou bekommernis en twyfel wegneem, en dit wegstoot, en nuwe Lewe inbring, nuwe vrugte van die Gees voortbring. Net drink, drink; die Saad.

159 Ek was by Mnr. Durney. Party van my mense hier sal weet dat ek dit vertel het. Ons het opgegaan op die berg om 'n bok te kry, en op die pad af, het ons deur 'n—'n ou afgebrande area of iets gekom. En ek. . . Van 'n beer wat ek daaronder gesien het, ek reken jy onthou dit, Mnr. Durney, die ou beer, ek het gesê: "Sy vel is nogal swaar om van daardie berg af te dra."

160 En ek het hom in die gesig gekyk, en ek het 'n bietjie moeg geword. So toe dit al amper donker geword het daardie aand, het ek opgelet ons het in 'n plek ingekom waar die brand 'n—'n paar klein boompies laat oorbly het wat regop gestaan het, en hulle was net so kaal as wat hulle kon wees.

161 En ons het 'n bietjie gerus, en—en ek het daar gedink dat. . . op pad na die perd toe, en die wind het gewaai, en toe die wind gewaai het, het die verskriklikste geluid: "*Oooh!*" gemaak. Ek

het gedink: “Goeiste, lyk soos grafstene, hierdie is ’n droewige plek.” En ek het gedink: “Vader, wat is dit?”

Dit herinner my aan iemand wat probeer. . . Ek sal sê: “Is jy ’n Christen?”

“Ek’s ’n Presbiteriaan.” “Ek’s ’n Baptis.” “Ek’s ’n Metodis.”

162 Weet julle wat dit is? Dis jy wat probeer vashou en in die Hemel kom deur aan ’n organisasie te behoort. Nou, daardie organisasie is goed, maar onthou, elke keer wat ’n organisasie opkom, verlaat God dit. Jy gaan nie Hemel toe deur ’n organisasie nie, jy gaan Hemel toe deur hierdie nuwe Saad van God wat in jou hart gebore word. Dis reg.

163 En ek het daardie treurige geluid gehoor, en ek het gesê: “Hierdie is ’n droewige plek om te wees, ek hoop nie ons maak ’n vuur en bly hier nie.” En die maan het uitgekom, en daardie ou blink bome soos daardie, ek het gedink: “Is dit nie ’n vreeslike ding nie?” ’n Ou, grafsteen-agtige plek, droewig. Wat het dit gesê? “Eenmaal was ons groot, wiegende denne, maar die vuur het ons gebrand.”

164 En dis hoe dit vandag is. Wanneer ek vra: “Is jy ’n Christen?” weet hulle nie wat dit beteken om Christen te wees nie, baie mense.

Hulle sê: “O, ek’s Metodis.” “Ek’s Baptis.” “Ek’s Pinkster.” “Ek’s Presbiteriaan.”

165 Dit het nie een ding daarmee te doen nie. As daardie klein Saadjie nie *hier* ingekom het nie, dan kan jy behoort aan enigiets wat jy wil, dan is jy ’n wedergebore Christen, maar daarsonder, is jy verlore. God is ’n Saad, Sy Woord is ’n Saad.

166 Ek het nog ’n ding opgelet, Mnr. Durney, Chris, wat ek daardie denneboompies opgelet het. Ek het gedink: “Wel nou, dis daardie yslike groot denominasies, het gesê: ‘O, ons het eenmaal ’n John Wesley gehad. Ons het eenmaal ’n Martin Luther gehad. Ons het eenmaal ’n Sankey, ’n Finney, ’n Knox, ’n Calvyn gehad.’” Dis reg. Maar sien julle wat het julle nou?

167 Daardie manne het in God geglo, Goddelike genesing gedoen en allerhande soorte wonderwerke. Dis reg. Maar nou, wat het julle? ’n Denominasie met ’n droewige wind wat waai. Elke keer wat God ’n magtige rukwind afstuur, soos Hy het op die Dag van Pinkster, weet julle wat sê julle? “*Oooh!* Moenie uitgaan daarnatoe nie, dis van die duiwel. *Oooh!* Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. *Oooh!* Ons het dit geskryf op ons geloofsbelydenisse: ‘Nie so-iets soos Goddelike genesing nie.’” Dood, kan nie. . . nie buigbaar nie.

168 Nou, ek het toe opgelet, onder dit, het daar ’n paar sade uit daardie denne uitgeval. En as julle al ooit dennebome bestudeer het, die enigste manier wat hulle hulleself kan voortplant is as

daardie hitte val en daardie keël oopmaak en die saad in die grond laat ingaan, en daar kom ’n nuwe geslag op, nog ’n boom. En toe die wind gewaai het, het daardie kêreltjies nie gekreun nie, hulle het net in die wind baljaar.

169 Ek het gedink: “Wel, waarom laat Hy die wind waai?” Wel, julle sien, elke keer wat die wind waai, beweeg dit die boompie, en dit trek aan die wortels, maak dit los sodat dit kan afgaan en ’n beter houvas kry. En ek het gedink: “Dis reg, Here!” Ek het gedink: “Mnr. Durney sal dink ek’s mal, maar ek voel wel om op te spring op een van hierdie takke hier en hier op-en-af te hardloop, soos een van daardie eekhorinkies, wat net so hard skree.” Dis reg.

170 “Ons het eenmaal ’n Kerk gehad wat in Goddelike genesing geglo het.” “Ons het eenmaal ’n Martin Luther gehad.” “Ons het eenmaal ’n John Wesley gehad.” Maar nou, wat is julle? ’n Dooie standbeeld.

171 Maar onder dit alles, geseënd sy die Naam van God, het ons steeds die Saad van God wat ’n ander Kerk voortgebring het. Iets het ’n Kerk voortgebring wat glo dat God die lewende God is, en wanneer God daardie Pinkster Wind afstuur, swaai en baljaar hulle net Daarin. Jy sê: “Hulle is groen.” Maar hulle het ’n lekker tyd, en hulle groei. As hulle groen is, het hulle Lewe. As jy nie ’n klein bietjie groen is nie, wel, het jy nie enige Lewe nie.

172 Klein Noorweër, hier nie lank gelede nie, het ingekom en is gered in die diens. Hy het teruggegaan na sy baas toe, hy het gesê: “O, *Dory* aan *Dod*.” Hy het gesê: “Prys die Here, ek het klaar die Heilige *Dees dekry*.”

Sy baas het gesê: “Waarvan praat jy?”

Hy het gesê: “Ek—ek het afgegaan kerk toe en,” gesê dat “God het vir my die Heilige Gees gegee het. *Baie*, *baie*, *baie* goed voel ek.”

Hy het gesê: “Jy moet behoort aan daardie klomp ‘nuts’ daaronder.”

173 Hy het gesê: “Prys God vir die ‘nuts.’” Hy het gesê: “Weet jy wat?” Gesê: “As dit. . .Jy neem soos ’n outomobiel, as dit nie enige ‘nuts’ daarin gehad het nie, sou dit ’n groot hoop skroot gewees het.”

174 Dis die manier! As ons nie iemand hierbinne kan hê wat genoeg krag het, en genoeg mag, en genoeg geloof in God om die ding aanmekaar te hou nie, wat het ons behalwe ’n groot, denominasionele gemors! Reg. Prys God vir die ‘nuts’ wat die ding aanmekaar hou.

175 Soos ek gisteraand vir julle gepreek het, wanneer ’n man die Heilige Gees kry, tree hy in elk geval mal op. Maar hy doen dit net vir die mense van die wêreld, vir God. . .Hy is ’n glorieryke Vader.

176 Kyk na Dawid toe hy om die ark gedans, en sy vrou daarbo gesit, gesê het: "Jy stel my in die verleentheid, 'n—'n koningin." Met ander woorde, hy. . . "Ek—ek is 'n koning se dogter, en jy was daarbuite en het gehardloop, geskree rondom daardie ark, so gedans!"

Dawid het gesê: "Het jy nie daarvan gehou nie? Kyk hierna!" En om, om het hy weer gegaan, rondom dit gedans, gesê: "Kyk daarna."

177 En God het afgekyk uit die Hemel en gesê: "Dawid, jy is 'n man na My Eie hart." Nou, dit hang af aan wie se hart jy behoort. As jy aan die hart van die wêreld behoort, sal jy optree soos die wêreld, maar as jy aan die hart van God behoort, sal jy dinge doen waarvan die wêreld niks weet nie. Soveel bedrog, gaan aan en aan en aan.

178 "God In Sy Heelal." Glo julle dit? God is in Sy Woord. Glo julle dit? Kyk hoe Hy Sy Woord hou en Dit bevestig. Kyk wat Hy vir Abraham gesê het, kyk wat Hy vir die apostels gesê het, kyk wat Hy vir die profete gesê het, kyk hoe Hy belowe het in hierdie dag. God is in Sy heelal; God is in Sy Woord.

179 Nou "God In Sy Seun." Glo julle God was in Sy Seun? Nou, ons moet opskud. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Glo julle dit? Een opmerking oor "God In Sy Seun," sodat ons kan opskud.

180 Ek het met 'n vrou gepraat, nie lank gelede nie, wat aan 'n kerk behoort wat nie glo dat Jesus Goddelik was nie. Sy glo dat Hy net 'n gewone man was, 'n profeet, of iets, maar nie Goddelik was nie.

181 Hy was óf God óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het. Hy was God, God gemanifesteer in 'n liggaam genaamd Jesus, Sy Seun, nie net 'n man nie, nie 'n leraar, 'n filosoof nie, maar Hy was God gemanifesteer in die vlees.

182 Een Timótheüs 3:16 het gesê: "Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot, want God is gemanifesteer in die vlees, is gesien deur Engele, opgeneem in die Hemel." Wel, sekerlik, Hy was God.

En hierdie dame het gesê: "Mnr. Branham, ek geniet jou prediking, maar," sy het gesê: "daar's net een fout wat ek by jou vind."

183 Ek het gesê: "Dankie! As jy net een fout kan vind, is dit baie goed." En ek het gesê: "Ek het al tienduisend-miljoen van hulle gekry, miskien het mense meer as dit gekry." Ek het gesê: "As jy net een kry, ek—ek dank jou vir daardie opmerking."

Sy het gesê: "Maar as jy net daardie een sal opklaar."

En ek het gesê: "Wat is dit, dame? Mag ek weet? As ek so naby daaraan is om 'reg' te wees," het ek gesê: "ek, miskien kan ek dit opklaar."

Sy het gesê: "Jy spog te veel met Jesus." O!

Ek het gesê: "*Wat*?"

Sy het gesê: "Jy spog te veel met Jesus."

184 Ek het gesê: "Ek kon nie genoeg met Hom spog nie, Suster." Ek het gesê: "As ek tienduisend tonge gehad het, kon ek Hom nie genoeg prys nie. Hy is al die lof werd."

Sy het gesê: "Maar jy maak hom Goddelik."

"Wel," het ek gesê: "Hy was Goddelik."

Sy het gesê: "Hy was net 'n man, Mnr. Branham. Hy was 'n goeie leraar, 'n filosoof, maar hy was nie Goddelik nie. Jy maak hom Goddelik."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik."

En sy het gesê: "Wel, as ek sal. . .Jy het gesê jy was 'n fundamentalis, jy hou by die Woord."

Ek het gesê: "Ja, Mevrou."

Sy het gesê: "As ek jou in die Woord sal wys waar die Bybel wys dat hy nie Goddelik is nie, sal jy dit aanvaar?"

Ek het gesê: "Ja, Mevrou, maar jy kan dit nie doen nie. Maar ek's genoeg van 'n heer, Christen genoeg om na jou te luister."

185 En sy het gesê: "Ek kan dit vir jou bewys." Gesê: "As jy Johannes die 11de hoofstuk vat." Gesê: "Toe Jesus afgegaan het om Lásarus op te rig, het die Bybel gesê hy het geween."

Ek het gesê: "Sekerlik. Hoekom?"

"Wel," het sy gesê: "dit het gewys hy was nie Goddelik nie."

Ek het gesê: "Is dit jou Skrif?"

Sy het gesê: "Ja, dis Dit."

186 Ek het gesê: "Suster, dis dunner as die sop wat gemaak is van 'n skaduwee van 'n hoender wat doodgegaan het van die honger." Ek het gesê: "As dit al is wat jy het! Goeiste! O," ek het gesê: "verstaan jy nie? Hy was beide God en mens, God was in Hom."

En sy het gesê: "Hoe kon hy ween as hy Goddelik was?"

187 Ek het gesê: "Goed, laat ons die onderwerp verder neem. Ek sal erken dat Hy 'n Mens was, maar Hy was 'n God-Mens." Ek het gesê: "Hy het na die graf van Lásarus toe gegaan, Hy het gehuil soos 'n mens. Maar toe Hy daar gestaan en daardie skouertjies opgetrek het: 'Lásarus, kom uit,' en 'n man, wat al vier dae dood was, sy neus wat alreeds ingeval was, die velwurms wat in sy liggaam geëet het, sy siel was vier-dag-reis iewers . . .

188 "Ek weet nie, en ek reken jy ook nie, maar sy siel het hom vir vier dae verlaat, sy liggaam, verderwing het al ingetree, en Hy het gesê: 'Lásarus, kom uit,' en 'n man wat al vier dae dood was, het op sy voete gestaan en weer gelewe." Broer, dit was meer as 'n mens om dit te doen, dit was God in 'n Mens.

189 Sekerlik, Hy was 'n Mens toe Hy daardie dag, honger, van die berg afgekom het, rondgekyk het aan die bome om 'n paar vye te kry om te eet, Hy was honger; Hy was honger soos 'n mens. Maar toe Hy vyf klein broodjies en twee vissies geneem en vyfduisend mense gevoed het, was dit meer as 'n man, dit was God in 'n Man Wat daardie brood kon breek en broodjies kon vermeerder en vis gaarmaak, dit maak. Dis reg. Hy was meer as 'n man.

190 En dit is waar, Hy was 'n Man toe Hy daarbuite op daardie boot gelê het daardie nag, daardie storm opgekom het, tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink, Hy was so moeg van visioene sien en vir die siekes bid. En die ou bootjie, soos 'n bottelprop daarbuite, wat op-en-af wip, die duiwel wat sê: "Ons het hom nou, hy's aan die slaap."

191 Hy was 'n Man toe Hy moeg was, aan die slaap, maar toe Hy Sy voet op die rand van die boot gesit en opgekyk en gesê het: "Swyg, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n man, dit was God wat deur daardie Man gepraat het.

192 Hy was 'n Man toe Hy op Gólgota uitgeroep het: "My God, waarom het U My verlaat?" Hy was 'n Man toe Hy uitgeroep het om genade, maar op daardie derde dag, toe Hy die seëls van die dood, hel, en die graf gebreek en opgestaan het, het Hy bewys Hy was God.

193 Geen wonder die digters . . . Dit het die lewe geïnspireer van elke digter of elke skrywer wat ooit 'n lied geskryf het. Enige man wat ooit sy sout werd was, het geglo dat dit die waarheid was.

Eddie Perronet, toe hy in sy groot tyd was, en hulle hom vervolg het, het hy die lied geskryf:

> Gegroet die krag van Jesus' Naam!
> Laat Engele laag neerval;
> Bring uit die koninklike kroon,
> En kroon Hom Opperheer.

Een ander een het geskryf:

> Gegroet die krag van Jesus' Naam!
> Laat Engele laag neerval;

O, goeiste! Hoe kon jy . . . ?

> Op Christus, die vaste Rots, staan ek;
> Alle ander grond is dryfsand.

Wat kon ek sê? Ou blinde Fanny Crosby, wat het jy daarvan gedink? Sy het gesê:

> Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
> Hoor my sagte roep;
> Wyl U ander nou ook roep,
> Gaan my nie verby.
>
> Want U die Stroom van al my troos,

> Meer as lewe vir my,
> Wie het ek op die aarde behalwe U?
> Of wie in die Hemel behalwe U?

Laat dit wees wat dit ook al mag wees, Gérubs, of ’n god: “Wie in die Hemel behalwe U?”

En een het gesê:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
> Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
> Opgestaan, het Hy vrylik vir ewig regverdig:
> Eendag kom Hy—o, heerlike dag!

Dis die hoop van die Kerk: God in Sy Seun, wat die wêreld met Homself versoen.

194 Glo julle God is in Sy heelal? God is in Sy Woord; God is in Sy Seun. Nou: “God In Sy Mense,” en ons sal . . . afsluiting.

Kan julle Hom in Sy heelal sien? Hom in Sy Woord sien? Hom in Sy Seun sien? Nou, kom ons kyk na Hom in Sy mense.

195 God bly by Sy mense, nadat hulle dood is, is Hy steeds by hulle. Daar was ’n ou man, omtrent tagtig jaar oud, wat ’n dubbele porsie op hom gehad het, sy naam was Elisa. Hy het Elía se gees gehad, wat ’n tipe was, Elía die Kerk, en Elisa, of, Elía die Christus, en—en Elisa die Kerk, met ’n dubbele porsie op hom.

196 En hy was dood en was al dood vir jare, en sy beendere het in ’n graf gelê. En hulle het eenkeer ’n man geneem om hom te begrawe, en die vyand het gekom, en hulle het hierdie dooie liggaam op die bene van daardie goddelike man gegooi, en hy het weer lewendig opgestaan.

197 “God In Sy Mense.” Hy weet waar elke been is. Hy weet waar mamma begrawe is, Hy weet waar pappa begrawe is, Hy weet waar ouma en oupa begrawe is. Hy is God, en Hy is in Sy mense, Hy is beslis.

198 Daar was een met die naam van Paulus, en hulle het sakdoeke of voorskote van sy liggaam geneem. ’n Godvresende man, wat ’n profeet van die Here was, en die mense het dit soveel geglo, dat hulle van sy liggaam sakdoeke geneem en uitgestuur het na die siekes, en bose geeste die mense verlaat het. Van ’n man se liggaam af! “God in Sy mense.”

199 Daar was ’n ou visserman, so onkundig dat hy nie eens sy eie naam kon teken nie, het die Bybel gesê: dis Handelinge die 3de hoofstuk, dat hy ’n onkundige en ’n ongeleerde man was, naamlik Simon Petrus. Het geen geleerdheid gehad nie, nie ’n dag van skoolopleiding nie. God was so in hom gewees, dat die mense opgelet het dat God in hom was. Hulle het in sy skaduwee gelê (O God!) en is genees. “God in Sy mense.” Glo julle dit?

200 Daar was ’n honderd-en-twintig mense na Sy dood, begrafnis, en opstanding, opgeklim het in ’n bo-vertrek om te wag. Hulle was lafaards, hulle het die vensters toegemaak. Hulle was bang vir die Jode, hulle was bang om ’n getuienis te gee, en hulle het hulleself weggesteek vir tien dae in ’n bo-vertrek.

201 En meteens, het daar ’n geluid uit die Hemel gekom soos ’n magtige rukwind, die hele kamer gevul waar hulle gesit het. Hulle het die vensters oopgemaak, en die deure oopgemaak, en in die straat het hulle ingegaan, die Evangelie in ander tale gepreek. Wat was dit? God in Sy mense.

202 Jesus het gesê: “n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien. Omdat Ek lewe, kan julle ook lewe. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader.” En Hy het gesê, in Johannes 5:19: “Ek doen niks totdat Ek die Vader dit eers sien doen nie.”

203 Julle was nou die aand hier toe ek daaroor gepreek het. Jesus, hoe het Hy Homself bekend gemaak as Messias? Omdat Hy hulle gedagtes kon ken, en hulle kon vertel wat verkeerd was met hulle, en wat hulle gedoen het, ensovoorts soos daardie, en die Bybel sê duidelik dit was die teken van die Messias. “God in Sy mense.” “Die werke wat Ek doen, sal julle ook.”

204 Die vrou, onsedelik, het na die put gekom om water te kry, en daar het ’n Jood gesit, Hy het vir haar gesê: “Vrou, bring vir My water om te drink,” kontak gemaak met haar gees. Wat het gebeur?

“Bring vir My water om te drink.”

En sy het gesê: “Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritaanse mense so-iets te vra nie.”

205 Hy het gesê: “Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink.” Wat het gebeur? Hy het haar probleem gevind, ons weet almal wat dit was. Gesê: “Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe.”

Sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

206 Hy het gesê: “Jy het waarlik die waarheid gepraat. Want jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie.” Nou, Hy het die waarheid gepraat. Wat het sy gesê?

“Ek sien dat U ’n Profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen. Maar Wie is U?”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.” ’n Teken van die Messias.

207 Sy het in die stad ingehardloop en vir die manne van die stad gesê: “Kom, sien ’n Man Wat vir my gesê het wie ek was, wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?” Wat? Daardie selfde ding is geprofeteer om in die laaste dae weer terug te keer na die Kerk, net voor die eindtyd!

208 O, ek weet ons het vleeslike nabootsings daarvan, ek weet ons het hulle wat so optree en voorgee om te wees, maar onthou, dit kos 'n—'n vals dollar om 'n egte een reg te laat uitstaan. En ons moet 'n egte een wees voor daar 'n valse kan wees. Amen. Goeiste, ek voel net nou godsdienstig. Ja, dis reg, want God is in Sy mense. Glo julle dit?

209 As God in Sy heelal is, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God is in Sy Woord; God is in Sy Seun; God is in Sy mense. Nou laat ons kyk of Hy is. Ons sien Hom in Sy heelal, Woord, sovoorts, kom ons kyk of Hy in Sy mense is.

210 Ek het belowe om vir die mense hier te bid vanmiddag. Nou, as my gebed julle kan help, sluit ek net my geloof aan by julle. Maar, my broer, totdat jy glo dat God hier in Sy mense is, totdat julle daardie einste God kan sien waaroor ons gepraat het, Homself manifesteer net hier onder Sy mense . . .

211 Hoe sou Hy dit doen as Hy hiernatoe kom? As Jesus hier gestaan het vanmiddag met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het, en jy sou na Hom toe stap en sê: "Here Jesus, ek is siek. Sal U my genees?" Weet julle wat Sy woorde sou wees? "Ek het dit alreeds gedoen, My kind." Hy het dit op Gólgota gedoen. Hoeveel weet dat dit die waarheid is? Dis die waarheid. Hy het dit op Gólgota gedoen.

212 Wat sou Hy dan doen? Hy sou sê: "Kan julle nie glo dat Ek ter wille van julle oortredinge deurboor is, en deur My wonde daar vir julle genesing gekom het nie?" Nou, Hy kon bewys dat Hy die Here Jesus was, Hy kon dit doen. Hoe sou Hy dit doen? Deur te wys Hy was die Messias. Hy was die Here.

213 Hoe het hulle dit geweet in daardie dae, Hy die Here was? Omdat Hy die teken van die profeet getoon het en almal het geglo dat Hy was. Nou, dit was nie vir tweeduisend jaar, tot hierdie laaste dag waarin ons lewe nie, en ons weet dit.

214 Nou, as Jesus vanmiddag sal kom en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, sal julle glo Hy is onder Sy mense en sal Hom aanvaar?

Kom ons buig ons hoofde.

215 Genadige Here, ons bid nou vanmiddag. Ek was baie lank, om met die mense te praat, want ek weet nie wanneer ek ooit weer die geleentheid sal kry nie. Nou, ek het dit tot sover gebring, Here, dat U in U heelal is, in U Woord, U is in U blomme, U is in U skepping, U is in U Seun, en nou, het ek dit na U mense toe gebring.

216 En nou, Vader, ek kan nie verder as hierdie gaan nie, dit kos U van nou af. Ek bid dat U sal help en U Woord sal bevestig met tekens wat volg, dat hierdie mense mag weet dat U Christus is, dat U die Seun van God is, en ons U diensknegte is.

217 En as daar per toeval iemand hier is wat nie 'n gelowige is nie, mag hulle U aanvaar as hulle persoonlike Verlosser. As daar diegene hier is wat net by die kerk aansluit en nie weet wat dit beteken om dag en nag in die Teenwoordigheid van die Lewende Christus te wees nie, mag hulle dit vanmiddag aanvaar.

218 Genees elke persoon wat teenwoordig is, Here. Sekerlik, as hierdie selfde God waarvan ek gepraat het, Homself kan toon dat Hy hier lewendig is, en ons sien die karakters van die Bybel. . .

> Lewens van groot manne herinner ons almal,
> (sê die digter,)
> Ons kan ons lewens groots maak,
> Met afskeid, agter ons laat
> Voetspore op die sand van tyd.
>
> Voetspore wat miskien 'n ander,
> Terwyl hulle oor die lewe se ernstige see vaar,
> En 'n verlate en skipbreukeling broer,
> Daarna te kyk, weer sal moed skep.

219 O God, laat ons U diensknegte wees vanmiddag. Kom nou, Vader. Ons sien U in U heelal, en in U Woord, in U Seun, kom nou en bewys Uself lewendig onder die mense.

220 En wanneer ons vandag uit hierdie gebou vertrek, om na ons verskillende huise te gaan, mag ons. . .sê soos hulle wat van Emmáüs gekom het. Hulle het heeldag saam met U gewandel na die opstanding, maar hulle het nie besef dit was U nie. Baie hier, Here, het U gedien, en U het hulle uit probleme en dinge gehou, net, en hulle het miskien nie besef dit was U nie.

221 Maar daardie aand, toe die son ondergegaan het, soos dit nou gaan, het U by 'n klein herbergie gestop, en hulle het U genooi om by hulle te bly. Hulle. . .U het gemaak asof U sou aangaan, by hulle verbygaan, maar hulle het by U gepleit. En mag mans en vroue hier vandag, dieselfde ding doen, by U pleit: "Kom in en bly by ons, Here." En toe, toe U ingekom het en die deure gesluit het, het U iets gedoen soos U het voor U kruisiging. Hulle het geweet dat Dit die Here Jesus was, want niemand kon maak soos Hy het nie.

222 Nou, Vader, ek bid, dat in die Naam van Jesus Christus, dat U nou in ons midde sal inkom en bewys dat hierdie dinge wat ek gesê het oor U Woord, en oor U, die waarheid is. Laat ons U die dinge sien doen vanmiddag, soos U het voor U kruisiging, dan weet ons dat Jesus opgestaan het uit die dood en vir ewig lewe, en Hy onder Sy mense woon.

223 Dit sal mense vertroue in U mense gee, Here. Dit sal mans en vroue vertroue laat hê vir hulle gebede en vir hulle instruksies van hoe om U te ontmoet. Skenk dit, Vader. Ons vertrou onsself toe aan U met die Woord, in die Naam van die Here Jesus.

224 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, sou daar diegene hier wees vanmiddag wat nooit Christus as Verlosser ontvang het nie, voor julle sien dat een ding gedoen word, sou sê: “Onthou my in jou gebede, Broer Branham, ek glo nou”? [Leë kol op band—Red.]

225 Laat hierdie dame . . . Kom net hiernatoe, dame. Nou, hier is waar alles wat ek gepreek het en die hele Bybel sê: iets moet gebeur, iets moet gebeur of God word bevind as ’n valse getuie van Sy Eie Woord. Sien? Dis reg.

226 Nou, aan julle mense wat nie glo dat Jesus net so groot is as wat Hy ooit was nie: Nou, wat hiervan? Hier is ’n Bybeltoneel. Ek wil hê julle moet Johannes 4 lees, waar ’n man en vrou vir hulle eerste keer ontmoet het. Ons ontmoet ons eerste keer, is dit . . .? Sodat die gehoor kan sien, steek net jou hand op, so ons albei . . . En die Bybel wat hier lê, hierdie is ons eerste ontmoeting.

Waarvoor is sy hier? Wat makeer haar? Waarom staan sy hier? Ek weet nie, ek het haar nog nooit gesien nie. Hierdie is net die eerste keer om te ontmoet.

227 Nou, Mnr. Durney, ek wil hê jy moet dit sien. Ek het vir jou gesê op die vangstriklyn dat ons God God is. Staan net reg waar jy daar is, net ’n oomblik, staan daar.

228 Hier is ’n dame wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie, ek weet niks van haar af nie, ek het haar nog nooit gesien nie, sy is ’n totale vreemdeling. Nou, as die Heilige Gees aan my sal openbaar wat verkeerd is met die vrou, dan sal dit van een of ander geestelike bron af moet kom, want die menslike wese sou dit nie weet nie. Onthou julle dat ek julle vertel het buite in julle kamp daardie aand?

229 Julle onthou die aand toe ons die nuus gekry het, die Berede Polisie my geskakel het, en ek het nie geweet wat die probleem was nie, ek het gedink my seun het in ’n vliegtuig geval of iets, hy was in die skool, en daardie aand het die Here aan my geopenbaar dat daar niks verkeerd was by die huis nie? Dit—dit was agter in julle kamp. Nou, Dis dieselfde God wat nou net hier is. Hier is Dit, en voor julle.

230 Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Nou, as al julle mense hierbinne dit weet vo- . . . Ek, hierdie vrou en ek, voor God se Woord, belowe dat ons hier voor God, ons nog nooit tevore in ons lewe ontmoet het nie.

231 Nou, sy mag siek wees, sy mag huislike probleme hê, sy mag finansiële probleme hê, sy mag nie reg wees met God nie, sy mag ’n ontugtige persoon wees, sy mag ’n gelowige van God wees, ek weet niks van haar af nie, sy staan net hier.

232 Nou, as dit nie presies dieselfde ding is wat gebeur het in Johannes 4, toe Jesus ’n vrou by die put ontmoet het nie! Is dit reg? Hoeveel sal dit erken? Dis reg.

233 Nou, Jesus het vir die vrou gesê wat haar probleem was, en sy het gesê dit was, dit was die teken van die Messias. En die Messias is die Christus. Hoeveel weet dit? Goed. As Dit dan die Messias gister was, en Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en dan ek, as 'n man, ek haar nie kan ken nie, dan sal Dit die Heilige Gees, die Messias móés wees, wat die Gesalfde Een beteken, wat aan haar sal moet openbaar wat dit is.

234 Hoeveel weet dat Hy hulle gedagtes geken het en alles van hulle af weet? Dis reg. Nou, dit was die teken van Messias. Sal julle almal glo? Laat sy daaroor besluit.

235 Nou, as ek nader gestap en gesê het: "Dame, jy's siek, lê my hande op jou, halleluja, jy gaan gesond word," dis 'n goeie Pinkstermanier, en dis ook reg, dis presies reg, maar sy sou 'n reg hê om te twyfel, want sy sou nie weet of ek beveel is om dit te doen of nie.

236 Maar nou, wat as die Heilige Gees teruggaan en haar iets vertel wat verkeerd is, iets wat sy gedoen het, iets wat sy sal weet of dit die waarheid is of nie? Dan daardie. . .As Hy weet wat was, bewys dit dat Hy weet wat sal wees. Is dit reg, broers? Glo julle dit? Wat 'n uitdaging! Ek het hierdie sien gebeur voor 'n halfmiljoen mense op een keer.

237 Nou, ek het hard gepreek, dis 'n ander salwing, daarom sou ek net 'n oomblik met die vrou moes praat om te sien wat. . . die salwing sou kom. Maar dank God, hier is dit. As enigiemand ooit daardie foto van die Engel van die Here gesien het, laat ons julle hande sien opgaan. Sekerlik. Dis wêreldwyd onder kopiereg.

238 Daardie selfde Lig, Vuurkolom, wat julle in daardie prentjie sien, wat die wetenskap ondersoek het (George J. Lacy, die hoof van die FBI, het dit ondersoek, gesê: "Die Lig het die lens getref, Mnr. Branham. Daardie meganiese oog van die kamera sal nie sielkunde afneem nie."), daardie Lig hang tussen my en die vrou. Op die Oordeelsdag, sal julle sien dat dit reg is. Kan julle *Dit* nie sien nie?

239 Die vrou beweeg weg van my af. Die dame ly aan 'n geweldige senuweetoestand, en sy het geestelike probleme wat haar pla. Dit is reg, is dit? As dit die waarheid is, steek jou hand op.

240 Nou, glo julle? Nou, dat iemand dalk mag gesê het: "Jy het dit geraai, Broer Branham," laat ek nog 'n bietjie met haar praat. Sy's 'n goeie persoon en die salwing is op haar. Laat ek net dit vir julle sê: Ek ken nie die vrou nie, het nog nooit met haar gepraat tot net nou nie. Maar daardie vrou is bewus dat iets op haar is net nou, 'n baie soet, heilige gevoel. As dit reg is, steek jou hand op, dame.

Nou, sy's 'n Kanadees hier by julle. Sien, ek kyk reguit Daarna. Daardie. . . Dit is nie 'n skynsel nie, Dis 'n gloed, smarag Lig, reg rondom die vr-. . .

241 Jy sê: “Hoe sien jy Dit en ek nie?” Wel, dis ’n ander dimensie.

242 Hoe het Paulus daardie Vuurkolom daaronder gesien, en hulle daar by hom het dit nie gesien nie? Sien? Hoe het die wyse man die ster gesien wat hulle na Jesus toe gelei het, en geen sterrewag het dit ooit gerapporteer nie? Geheimsinnige ster in die lug vir twee jaar, niemand het dit gesien behalwe die wyse manne nie, want hulle was die enigstes wat daarna gesoek het.

243 Nou, ek weet nie wat ek vir julle gesê het nie, die enigste manier wat ek weet, is op daardie bandopname *daaronder*, maar wat Dit ook al gesê het, was reg. Nou, laat ons net weer sien: Ja, senuweeagtig, jou probleem kom hoofsaaklik in hierdie tyd van die dag, laat in die aand wanneer jy regtig moeg is, uitgeput is, baie snaakse, vermoeide gevoelens oor jou kom. Dit is reg. Jy raak senuweeagtig nou en dan en laat goed val.

244 Nie lank gelede nie, het jy naby ’n venster gestaan toe die son ondergegaan het, jy voel baie senuweeagtig, vryf jou hand. Dis die waarheid. Hoe sou ek weet waar jy gestaan het? Hoe sou ek weet jy het dit gedoen? Voor jy na die diens toe gekom het, het jy tot God gebid dat jy ’n gebedskaartjie sou kry. Jy was baie bly toe jy dit ontvang het, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis waar.

245 Hier’s nog iets: God sê vir my dat jy in jou hart, vir iemand anders bid, dis ’n vriend wat sterwend is, wat kanker het. Hulle woon nie hier nie, hulle woon in Fort Saint John, en die persoon is geskadu met ’n donker skaduwee, daardie persoon is ’n sondaar, sterwend aan kanker, SO SPREEK DIE HERE.

246 Is daardie dinge waar? Steek jou hand op. Nou is daar ’n sweempie twyfel in julle gemoed? Is Hy Jesus Christus? Is God onder Sy mense? Glo jy, Suster? Neem daardie selfde sakdoek saam met jou, lê dit op die persoon en moenie twyfel nie, Jesus Christus sal hom gesond maak. Gaan, glo.

247 Glo julle met julle hele hart? Hoe kan enige man vir ’n persoon sê wie hulle is, en waar hulle vandaan kom, wat hulle gedoen het voor hulle hiernatoe gekom het, en wat hulle twee of drie weke gelede gedoen het, en wat hulle op hulle gedagte het, en vir wie hulle bid, behalwe Almagtige God?

Nou, is dit waar, broers? Ek wil hê julle moet weet dat Christus lewendig is.

248 Glo jy, Mnr. Durney? Glo jy met jou hele hart? Aanvaar dit dan. Gaan, gaan sit en glo met jou hele hart en jou probleem is verby. God seën jou. Ek wil sy . . . Amen.

249 Ek het daardie skaduwee oor die man sien kom. Glo in die Here, Mnr. Durney, aanvaar Hom as jou persoonlike Verlosser, moenie twyfel nie, en ek sal julle daar oorkant ontmoet op daardie groot Wildpaadjie.

250 Ek’s ’n vreemdeling vir jou, dame. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel, dit is waar, is dit nie? Glo jy as God aan

my kan openbaar wat verkeerd is met jou, dat jy dit sal glo as iets persoonliks vir jou? Sodat die mense sal weet dat ons vreemdelinge is, laat ons net ons hande opsteek soos *hierdie*.

251 Ek het geen idee nie, jy lyk vir my na 'n goeie, gesonde vrou. Maar jy ly aan 'n vergroeisel, en daardie vergroeisel veroorsaak dat ander organe nie funksioneer nie, dit is jou nier en blaas. Dis die waarheid. Glo jy? Goed. Jesus Christus sal jou gesond maak. Gaan, glo met jou hele hart.

Glo jy nou? Hê net geloof. Moenie twyfel nie.

252 Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir jou man. Hy's 'n ongeredde man en jy bid vir hom. Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand op. Gaan, glo.

253 Julle weet wat die Romeinse hoofman oor honderd gesê het, soos ek gesê het: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy en jou huisgesin sal gered word." Hoe. . .? Het dit beteken omdat hy geglo het, sou sy huis gered word? Nee. As hy genoeg geloof het vir homself, kan hy genoeg geloof hê vir sy huis. Glo met jou hele hart en jy en jou liefling sal saam lewe in daardie Paradys van God oorkant die rivier. God seën jou. Gaan en ontvang waarvoor jy gevra het.

254 Nou julle sien, alles begin nou, my te verblind. Sien? Raak, ek kan net skaars die gehoor sien op hierdie tydstip. Wees nou eerbiedig, baie eerbiedig.

255 Ek ken jou nie, dame. Nou, al daardie prediking, vir omtrent twee ure, en tog het dit my nooit 'n bietjie ontstel nie, maar kyk net, net omtrent drie of vier visioene en wat dit nou aan my gedoen het, ek sak net af. Sien?

256 Hoeveel weet dat Jesus, 'n vrou Sy kleed aangeraak het en Hy gevoel het dat krag van Hom uitgegaan het? Is dit reg? Dis krag wat uitgegaan het.

257 Dame wat hier reg agter sit, ly. Jy met jou hele hart sal glo! Het hartprobleme, probleme met jou oë, senuweeagtigheid. Glo jy met jou hele hart? Die dame van Grande Prairie, Mejuffrou Thompson, glo met jou hele hart en word genees, in die Naam van Jesus Christus. Sal jy dit glo? Goed.

258 Ek ken jou nie, jy's 'n vreemdeling vir my. As Jesus jou probleem aan my sal openbaar, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, verskoon my, Sy dienskneg? Daardie—daardie woord, *profeet*, laat die mense soort van struikel, dis waarom ek gesê het. . .Net iets wat ek vir die vrou wou vertel, die rede waarom ek my hand oor die mikrofoon gehou het.

259 Ons is twee mense wat ontmoet het, miskien soos ons Here en die vrou by die put, sy was waarskynlik 'n jong dame. Maar jy ly aan 'n probleem met jou keel. Dis reg. Dit is veroorsaak deur polio. Dis reg. As God vir my sal sê wie jy is, sal jy glo dat ek Sy

dienskneg is? Mev. Duncan, gaan jy huis toe en wees gesond in Jesus Christus' Naam.

Moenie twyfel nie.

260 Sit oorkant aan hierdie kant net daar, wat bid vir jou ongeredde vrou, meneer. Glo jy God sal haar red en . . .? Goed, jy kan kry waarvoor jy gevra het, God beantwoord jou gebed.

261 Wie was daardie dame wat pas verbygegaan het, in die paadjie afgegaan het? Is daar vir jou gebid? Is daar so pas vir jou gebid? O. Ek het die Lig in 'n—in 'n hoek gesien. O, ek sien dis die man met rugprobleme wat daar sit. Mnr. Pettigrew, glo met jou hele hart, Jesus Christus sal jou gesond maak. Jou geliefde het artritis, glo met jou hele hart en hulle sal gesond gemaak word.

262 As jy met jou hele hart kan glo, is alle dinge moontlik. Hoeveel van julle glo nou met julle hele hart? Ek raak so swak, Dit laat my net rond, rondsteier. Hoeveel het . . .?

Leeggemaak daar oorkant, iemand anders met gebedskaartjies oorkant aan daardie kant, kom in die ry in, oorkant aan daardie kant.

Hoeveel predikers hier wat glo dat hierdie bediening die Here Jesus Christus is, steek julle hande op. Predikers.

263 Ek wil, nie hierdie gehoor in hierdie soort van 'n toestand los nie, julle almal laat dink dat ek die enigste een is wat 'n reg het om vir die siekes te bid nie, jou pastoor het net so 'n reg om vir jou te bid as ek. Nou, hy mag nie 'n siener wees nie, hulle kom net een in 'n geslag. Maar ek—ek . . .

264 Julle onthou, God het nooit een keer . . . So dit sal iets opklaar wat julle gemoedere pla wat ek alreeds kan waarneem. In die Bybel was daar nooit behalwe een keer . . . een siener op 'n slag, Elía, en dan Elisa, en dan van Jesaja, en dan Jeremia. Sien? Dis reg. Sien? Maar . . . Net . . .

Al die mense wat gebedskaartjie C het, staan op oorkant aan hierdie kant, oorkant aan hierdie kant, asseblief, gebedskaartjies C's.

265 Ek wil weet of die predikers hier, hiernatoe sou kom en hieronder sal staan saam met my en help bid vir die siekes net 'n oomblik. Kan ek party van julle broers kry? Sodat julle gehoor hier sal sien dat julle seuns van God is. Ek is so bly om te weet dat julle seuns van God is.

Man, jy behoort 'n gelowige te wees net op hierdie kritieke tyd. Moenie bekommerd wees oor die kind nie, sal regkom.

266 Nou, wonder of ons kon . . . Gaan reguit hiernatoe, broers. Laat ons afgaan, af van die platvorm af. Staan net, maak 'n dubbele ry daar, reg op-en-af soos daardie. Ja, broers, ja.

267 Kom net hiernatoe, Suster. Loop net hier in die ry in, net ’n oomblik. Sê, terloops, jy’s alreeds genees, so jy hoef nie deur die ry te kom nie, jy kan net huis toe gaan.

268 Nou, kom om hierdie kant, sodat hulle kan teruggaan in hierdie ry af. Nou, ek wil hê party van julle broers moet net hier kom, reg hieronder staan. Ek wil hê julle moet net hier staan, ek wil, langs my staan. Ek wil hê julle broers, nou, moet daar staan, net ’n oomblik, wag, afgaan sodat julle hande op die siekes kan lê. Wat van, Broer, jy staan oorkant langs hierdie broer net hier, een van julle. Dis goed.

Nou, kom net hier, maak ’n ry sodat elkeen van julle gebid kan word. . .

Nou, gehoor, ek wil hê julle moet verstaan, die Bybel het gesê: “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

269 Daar is ’n dametjie hier met wie ek ’n onderhoud gehad het vanmôre, en sy was by Grande Prairie. Ek. . . Sy’s ’n bandopnamekliënt van Broer Leo Mercier, Broer Gene Goad, en hulle het vir my gesê om na haar te soek, ’n Suster Brown.

270 En so was sy—sy by die Grande Prairie diens. En die Heilige Gees het haar vertel van ’n vrou wat (Ek dink, wat was haar naam? Is dit Brown, of, Mejuffrou Suster Brown), het ’n—’n roos op haar hoed gehad, en haar vertel van haar toestande, en natuurlik, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. En toe het ek gesê: “Lê elkeen julle hande op mekaar.” Die dame mag hier wees vanmiddag. Ek het gesê: “Lê elkeen van julle julle hande op mekaar.”

271 En almal het hulle hande op mekaar gelê, want die Bybel het gesê: “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” En toe het ek. . . Toe hulle dit gedoen het. . .

272 Waarvoor ek dit doen, broers, is vir julle gehoor. Moenie wag tot ’n Oral Roberts, of iemand kom, of een of ander prediker wat ’n bediening daarvan het nie, julle broers, julle pastore net. . . Glo julle dat ek God se dienskneg is? Ek sê julle in die Naam van die Here, hierdie manne het dieselfde gesag om vir julle te bid as wat enigiemand het, hulle is God se diensknegte. Enige prediker wat in Goddelike genesing glo, of hy Metodis, Baptis, Lutheraan, Gemeente of wat nog is, as hy in God glo, het hy ’n reg om vir die siekes te bid.

273 En nou, kyk, die dametjie, sy het haar hande op iemand gelê, en meteens het sy ’n hand gevoel wat op hare gelê word, wat groter was. En sy het omgekyk, daar was niemand naby haar nie. Die dames agter haar, het sy geken, en hulle het nie hulle hande op haar gehad nie, en sy het daardie hand gevoel, en sy het gesê sy het net gebewe met die krag van God.

274 Toe vanmôre, by die ontbyttafel, ek het aandete geëet saam met haar oorkant by, of, ontbyt by die Windsor Hotel, en die Heilige Gees het gesê: "Sy wil hê jy moet hande op haar lê." En ek het gesê: "Wat moet ek doen, Vader? Wat sal U teken wees?" Tussen ons, sy was oorkant die tafel, het allerhand soorte bakke gestaan. Gesê: "Sy sal haar hand neem en daardie bakke wegskuif, 'n pad maak vir jou om jou hand oorkant op hare te lê.

En net toe, het sy haar hand uitgesteek en die bakke weggeskuif, sonder om te weet. Ek het gesê: "Suster, hoekom het jy dit gedoen?"

Sy het gesê: "Iets het net vir my gesê om dit te doen." Dit het dit vir haar afgehandel.

275 Suster, is jy nou in die gebou? Is jy hier vanmiddag? Suster Brown? Suster Brown? Staan net *hier*. Hierdie een net hier. Sien? Hy is God, is Hy nie?

276 Nou, ek wil hê elke persoon hierbinne, moet kyk wat in hierdie ry staan, en sodra daardie ry klaar is, laat die ander gebedskaartjies net aanhou omkom. Dan. . . [Iemand praat met Broer Branham—Red.] (Huh?) Al die gebedskaartjies gaan net voort om hier oorkant in die ry in te val. En dan, nadat hulle klaar is, almal wat nie gebedskaartjies het nie en voor gebid wil word, kan julle reg agter hulle in die ry inval.

Nou, voor ons dit doen, laat ons almal ons hoofde buig voor Almagtige God.

277 Wat as dit jou mamma was wat in die ry gestaan het? Wat as hierdie jou vrou was? Wat as dit jou suster was? Wat as dit jou moeder was, of jou dogter, of jou seun? Onthou, dis iemand s'n. Sou jy wou hê almal moet opreg wees as dit jou moeder was, of jou vrou, die moeder van jou babatjie, sterwend, deurtrek van kanker? Sou julle nie wou hê iemand moet opreg bid nie? Nou, bid julle.

278 Hemelse Vader, ek bied aan, vanmiddag, eerste van alles deur 'n Goddelike gawe, die herrese Jesus, om te bewys dat Hy onder Sy mense is, om Homself as lewendig te toon. En nou, volgende, sekondêr, bied ek U diensknegte, die predikers aan, die manne wat U geroep het. Party van hulle het baie, baie jare langer as ek gepreek, hulle is baie beter gekwalifiseerd, as predikers, as ekself.

279 En ek wil hê die gemeente moet weet dat hulle pastoor U dienskneg is, so ek het, deur 'n Goddelike gawe, U aan hulle voorgestel, nou stel ek U diensknegte voor aan hulle. En ek is een met hulle, Vader, U dienskneg. En ons neem die Woord van ons Here.

280 Nou, Here Jesus, U ken wel alle waarheid, en U sal nooit 'n leuen eer nie. En dit is bewys deur tienduisende kere om die wêreld, sonder een mislukking van die visioene, wat

bewys dat dit waar is. Voor die wetenskaplike navorsing, voor leuenverklikkers, in die teenwoordigheid van die kamera en wat nog, het U bewys om God te wees.

281 En nou, U is God vanmiddag. En U het hierdie stelling gemaak, die laaste ding wat U gesê het toe U weggegaan het: "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Hierdie tekens sal hulle vergesel wat geglo het," en hierdie is gelowiges, Here, U het gesê: "in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal met nuwe tale spreek; as hulle 'n—'n slang sou opneem, of iets dodeliks sou drink, sou dit hulle nie skaad nie; en as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

282 Nou, Vader, U het Uself as lewendig bewys om U Woord te hou, U waak oor U Woord om Dit te bevestig. En nou bied ek aan hierdie gemeenskap, en aan die streke rondom, Jesus Christus en Sy diensknegte. En ons, as U diensknegte, Here, gaan U instruksies volg, ongeag wat die ongelowige wêreld daarvan sê. Ons gaan ons hande op U siek, beproefde kinders lê, en ons glo dat hulle gesond gemaak sal word. Ons aanvaar U as ons Geneser net nou.

283 Elke persoon in die gebedsrye, diegene wat in die gebedsrye kom, ek vra julle nou, in die Naam van Jesus Christus, om Jesus as julle Geneser te aanvaar. Moenie twyfel nie. Wanneer hierdie manne van God, en ons ons hande op julle lê, julle . . . daar's net een ding wat julle sou keer om gesond te word, dis julle ongeloof. Moenie ongelowig wees nie, maar glo God.

284 En ons staan nou hier, bid vir julle soos julle by hierdie gehoor verbygaan, nie net dit nie, maar omtrent drie- of vierhonderd mense wat vanmiddag hier vergader het, sal vir julle bid. En elke gebed . . . En nou glo julle.

Nou, vir die bestraffingsgebed, met julle hoofde gebuig:

285 Satan, ons, as die Kerk van God, praat direk met jou. Jy is 'n duiwel, 'n pyniger, en jy het die diensknegte van God gebind deur jou blufgees. So ons as mense het geen mag teen jou nie, so ons kom nie om jou te ontmoet in die naam van 'n kerk, of 'n organisasie nie, maar, hulle is verslaan, maar ons kom om jou te ontmoet in—in die Naam van ons Oorwinnaar, Jesus Christus. Ons prys Sy Naam en Sy Teenwoordigheid voor die mense, as 'n Oorwinnaar oor elke siekte en elke kwaal, wat onder Sy voete geplaas is. En ons as Sy diensknegte, voer Sy opdrag uit.

286 Ons beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Laat los elkeen van hierdie mense! Ons sal Sy opdrag volg deur hande op die siekes te lê, en hulle sal gesond word, want ons spreek dit, in die Naam van Jesus Christus.

Glo net, glo net . . .

287 Goed, almal wat nou bid, terwyl die siekes deurkom.

61-0521 Toon Ons Die Vader
Verenigde Kerk
Dawson Creek, Brits Kolumbië Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org